

**...en verseker
jou motor, huis,
lewe of besigheid
en bestuur dit
alles maklik op
ons app en...**

Laai die OUTsurance-app af of skakel 08 600 60 000



JUNIE 2020 NO. 06161
RSA R45.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N\$45.00


TEST REPORT

**LEICA FORTIS
6 2-12X50i**



PROBLEEMDIERJAG

**EEN DONKER
NAG IN DIE
SUIKERRIET...**



Die tydskrif vir die jagter en bewaarder/The magazine for the hunter and conservationist

JAGTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

HUNTER



**THE MACNAB -
TO BE OR TABOO?**



TOETSVERSLAG

**NEXT LEVEL
BARREL TUNER-
KNALDEMPEM**

**WHAT IS A
BAKKIE-RIFLE?**

HISTORY

**A GUN MOST
MURDEROUS**

BOEREPIONIERS

**TOEKA SE
LEWE IN
KENIA**

CORONAVIRUS

**COVID-19
KRY NIE
KLAAR NIE**

**DIE .270 WIN: VUISVOOS VETERAAN
OF FLINKE VOETSOLDAAT?**



06161

9 770259 935002



Armand Du Preez COLLECTION

— *Exclusive* —

— Est. 1999 —



**BUY DIRECT FROM THE FACTORY
WHOLESALE DIRECT TO THE PUBLIC**

Armand 3-seater

A-Grade Full-grain Genuine Ostrich Leather • Cloud Nine Memory Foam

Lifetime Warranty on Complete Couch

Retail: R175 000 • **Direct to Public: Now R125 000**



RSA TEL: +27 41 922 0477

179 Caledon Street, Uitenhage, SA | Open Weekdays 08h00 to 17h00, Saturday 08h00 to 13h00
WHOLESALE DIRECT TO THE PUBLIC – WORLDWIDE DELIVERY

www.furnworldinternational.com

INHOUD

UITGAWE: JUNIE 2020

RUBRIEKE

- 4** IN MY VISIER
- 6** BOSPOS
- 8** SNELVUUR
- 9** KOMPETISIE
- 10** DOOIERUS – 'N HOND? NATUURLIK.
- 45** JONGSPAN
- 52** BOKSPOG
- 57** HOE KONSTANT IS INGEVOERDE DRYFMIDDELS?
KASSIE KASSELMAN

ARTIKELS

- 12** DIE .270 WIN: VUISVOOS VETERAAN OF FLINKE VOETSOLDAAT?
KOOS BARNARD
- 18** OOS-AFRIKA: TOEKA SE TYD
MARIE STEYNBERG
- 22** A GUN MOST MURDEROUS
KOBUS DE KOCK
- 26** COVID-19 SE PYNE BLY PLA
KOOS BARNARD
- 28** DROOMJAG OP OTTERSKLOOF
JOHAN BOOYSEN
- 34** THE UNLIKELY, LIKELY SOLUTION
NICO HARRIS



OP DIE VOORBLAD

Die .270 Winchester is steeds een van die gewildste jagkalibers in die wêreld

FOTO:
KOOS BARNARD

- 38** EEN DONKER NAG IN DIE SUIKERRIET...
JOHAN VAN WYK

- 46** PLAAS-LIK
TUBA VAN DER WALT

- 54** THE MACNAB – TO BE OR TABOO?
DIRK STEYNBERG

- 62** SNAARSPRINGERS
REAN STEENKAMP



SAJWV

- 48** BEWARING IN DIE RICHTERSVELD EN NAMAKWALAND
LIZANNE NEL

TOETSVERSLAE

- 42** LEICA FORTIS 6 2-12X50i
KOOS BARNARD
- 58** NEXT LEVEL BARREL TUNER-KNALDEMPER
ARMAND STEENKAMP

JAGTER HUNTER

TEL: 012-485-9382
WEBTUISTE: www.sajagterhunter.com

Privaatsak X202, Pretoria, 0001
Xcelpark, h/v Lynnwood- en Roderickstraat,
LYNNWOOD, 0081

REDAKSIE

REDAKTEUR: Koos Barnard
Koos.Barnard@media24.com
Tel: 012-485-9401

ADJUNK-REDAKTEUR: Johan van Wyk
Johan.vanWyk@media24.com
Tel: 012-485-9403

SUBREDAKTEUR (VRYSKUT):
Eunia Barnard (Artikelnavae & taalversorging)
Eunia.Barnard@media24.com

SUBREDAKTEUR:
Marisa Beeton (Taalversorging en webblad)
Marisa.Beeton@media24.com Tel: 012-485-9350

UITLEGKUNSTENAARS:
Marthie van Dyk (Uitleg en produksie)
Marthie.vanDyk@media24.com
Tel: 012-485-9404 Faks: 086-559-8004

Malinda Craythorne (Advertensie-ontwerp)
Malinda.Craythorne@media24.com
Tel: 012-485-9405 Faks: 086-535-4073

KANTOORBESTUURDER:
Maphuti Mongatane (Navrae/Administrasie)
Maphuti.Mongatane@media24.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058

MEDEWERKERS:
Herman Jonker
Kassie Kasselmann

ADVERTENSIES

BESIGHEIDSBESTUURDER: Dirk Lamprecht
012-485-9356 / Dirk.Lamprecht@media24.com

ADVERTENSIEKONSULTANT:
Jacques Boshoff 012-485-9357/079-528-8793

NAVRAE EN INLIGTING

INTEKENARE:
Tel: 087-353-1300/Faks: 086-296-6681
SMS: 32361
E-pos: subs@media24.com

SAJWV-LEDE:
Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300/E-pos: michel@sahunt.co.za

RAKVERKOPE:
Armand Kasselmann
Tel: 021-503-7164/E-pos: armand@onthedot.co.za

MEDIA24

MEDIA24 WEEKLIKSE TYDSKRIFTE

HOOFBESTUURDER: Minette Ferreira
UITGEWER: Theuns Venter
ADMINISTRASIE: Johan Terblanche
SIRKULASIEHOOF: Johan Sadie
KATEGORIEBESTUURDER SIRKULASIE:
Armand Kasselmann
INTEKENARE: Elmarie Eygelaar
HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE: Ishmet Davidson
HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE: Jameelah Conway

Printed by
novus print
Adviser of Novus Holdings

DRUKKER:
Novus Print, 10 Freedom Way,
Marconi Beam, Milnerton, 7441.

UITGEGEE & VERSPREI:
Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271,
Kaapstad, 8000



© Kopiereg SA JAGTER/HUNTER. Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubrieksrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.



LAAT DAAR LIG WEES

Toe het God gesê: “Laat daar lig wees.” En daar was lig (Genesis 1:3).

Saam met die lig het lewe gekom, alle vorme van lewe; gras, bosse, bome, diere, visse, voëls... en ook die mens.

Die kroon van die skepping, die meesterbrein, heerser, die bepaler van alles wat lewe se lig of lot... of so het ons gedink.

En toe word ons wreed ont-nugter. Iets onsigbaar klein het ons skielik laat besef hoe broos en breekbaar die mens eintlik is, hoe kosbaar die lig en hoe kort die lewe. Dwarsoor die wêreld het ons eensklaps vrees en hartseer leer ken.

Vir baie mense in Suid-Afrika was dit seker die langste April-maand van hul lewe. Al het ons nog ons daaglikse geriefies gehad, het vele mense finansiële skade gely en almal se vryheid van beweging was ingeperk. En

vanuit ’n jagter se oogpunt was laasgenoemde ’n harde slag want baie mense wat lankal jagte vir April bespreek het, moes dit kanselleer.

In krisistye besef jy skielik watter dinge in die lewe belangrik is en watter dinge bloot klatergoud. Plaaslik het ons nog nie dieselfde krisis as Italië, Spanje en die VSA beleef nie, maar die kenners voorspel dat “hef aan” nog voorlê. Word ons so erg soos die genoemde lande getref, sal blote oorlewing vir baie die enigste ding wees wat tel. Maar die mens is ’n komplekse wese en ten spyte van swaarkry het hy sekere dinge nodig om hom geestesgesond te hou. Goeters wat sy aandag aflei en hom vir ’n rukkie van sy moeilikhede en vrese laat vergeet. Vir baie van ons is jag daardie ontvlugting.

Hoe die Coronavirus jag vir

die res van die jaar gaan beïnvloed, weet ons nog nie. As die kenners reg is en grootskaalse kontaminasie nog voorlê, wonder jy of dit wys is om te gaan jag. Moet ’n mens vir eers nie steeds jou sosiale afstand behou nie?

Sou ons wel gaan jag, hoe staan sake met ons jagbedryf? Is daar te veel wild, gaan pryse daal of gaan ondernemers staatmaak op jagverslaafdes se lus vir die buitelig en hul pryse laai om te vergoed vir die verliese wat hulle tot dusver gely het?

Hoe gaan die lewering aan en die beskikbaarheid van jagverwante produkte in ons geweer- en buiteligwinkels geraak word? Groot tekorte dalk? Janee, daar is baie vrae wat eers mettertyd beantwoord sal word.

Die enigste ding wat ons nou weet, is dat ons dankbaar moet wees vir elke seëning. Dat ons in ’n wonderlike land woon en

dat ons steeds in ’n jagparadys lewe. Ons moes net eers ’n paar dinge verloor wat ons vantevo-re as vanselfsprekend aanvaar het, om hulle te waardeer.

Soos al die ander soorte lewe op die planeet, het ons saam met die lig gekom maar mettertyd die fout begaan deur te dink dat ons die lig is, dat ons alles beheer en oor alles heers... terwyl ons eintlik maar net tydelike gaste hier op aarde is.

Koester dus die planeet en die mense rondom jou, want ons het net mekaar. Help en ondersteun waar jy kan... daardeur verlig ons die pad vir mekaar en verseker ons dat die Lig oor die wêreld bly skyn.

Mooi loop!



EL RANGE THE PEAK OF PERFECTION

SEE THE UNSEEN



For your closest stockist, please call Brad on 0861-005903

BOSPOS

Sê jou sê

E-pos na marisa.beeton@media24.com

WENBRIEF


PA SE EERSTE JAG

Ek het grootgeword met jag. Beide my oupas was topskuts en baie lief vir jag; hulle jagstories het my drome gereeld die bos ingestuur. Ek droom nou nog daarvan om die dinge te beleef wat hulle destyds kon vermag.

My pa was ook lief vir jag en het my op 'n jong ouderdom met Oupagrootjie se .410 Harrington & Richardson-enkel-skoothaelgeweertjie leer voëls skiet (ons het nog die kontant-koopstrokie van 1904). Later het ek met sy semi-outomatiese dienshaelgeweer ('n Browning A5) tarentale en hase gejag. Bygesê, as ek die lang kolf betyds kon skouer vir 'n skoot.

My eerste bok ('n swart springbok) het ek jare gelede op Oupa se plaas naby Bloemfontein geskiet – met sy Musgrave .270 wat hy in 1974 gekoop het. Dié geweer het ek onlangs suksesvol ingevoer na Namibië.

Dis nou al 17 jaar sedert my eerste bok en ek is al amper 10 jaar getroud. Hoewel ek sedertdien al 'n klompie bokke geskiet het, bly 'n pragkoedobul my nog ontwyk. Maar min bokke ont hou ek so helder soos my eerste gemsbok. Wat 'n statige bok...



Josh en sy skoonpa, Louri Snyders by die gemsbokkoei wat Louri platgetrek het.

Toe my skoonpa (Louri Snyders) onlangs kom kuier, kry ek 'n jaggeleentheid in die Okavango-distrik. Skoonpa word saamgenooi op sy eerste jagtog. Te danke aan die grensoorlog ken hy darem vuurwapens en na 'n paar teikenskote met die .270 is hy reg vir die jagveld.

Gedurende die eerste dag kry ons 'n paar geleenthede op die gemsbokke (jy moet vinnig skiet want hulle staan slegs enkele sekondes stil). Skoonpa is egter elke keer effens te stadig...

Vroeg die volgende oggend kry hy weer 'n geleentheid en toe die skoot klap, trek Skoonpa op 140m sy eerste bok plat. Pa se glimlag was breër as op my troudag.

Ek het twee klein seuntjies en het al baie gedink aan die dag wanneer ek hulle sal neem vir hulle eerste jag – min het ek geweet ek sal eers vir Pa uitneem vir syne.

JOSH KRUGER

Josh wen die R1 000-geskenk bewys van Safari Outdoor.

SHOOTING IN AT 25M

I would like to comment on the article by Cassie Nienaber: *INSKIET OP 25M VS INSKIET OP 100M* which was published in the February 2020 edition. My opinion is my own and is based on what I have experienced over the years.

Firstly, the rifles used were actually not “shot-in” at 25m. If they were, they should have printed on the X in the middle of the aiming spot. This is the reason for some of the groupings at 100m. If you “shoot-in” at 25m you must ensure that you hit exactly on the X in the centre of the aiming point to avoid drift at longer distances.

Secondly, the 6mm PPC grouping at 100m is impossible for a rifle set in at 25m. The reason for this is illustrated very well on the picture depicted just above the article on the page. When a rifle is “shot-in” at 25m, the bullet trajectory will rise above the line of sight for some distance (how far depending on the ballistics, bullet weight and shape) before it will cross the line of sight again.

So, for the 6mm PPC to shoot low at 100m means that this rifle was not shot-in correctly. Its grouping at 100m should also not have been used to skew the 100m grouping figures.

I have always followed the guidelines as described in *A Hunter's Handbook* to shoot in at 25m for most of my hunting career. When I have zeroed my trusty Musgrave .308 Win at 25m I know I can shoot a *bladskoot* up to 200m without changing my aiming point.

I would appreciate it if the test can be redone to depict a less bias view. (*Cassie, los lievers die 6mm PPC – daar is 'n groot fout iewers!*)

ANDRÉ DART

Cassie's response:

Thanks for reading my article attentively. What I actually wanted to illustrate is that small groupings at 25m will not automatically result in good groups at 100m.

With reference to the use of the 6mm PPC: Telescopes without external parallax adjustment (or not provided for at 25m) combined with a minimum magnification of 4x or more (the higher the worse), often cause large parallax errors at 25m. In other words, you might not really aim where the X-mark is and as a result shots may land up to

35mm away from where you aim due to parallax (eye-position). When distances increase, so will parallax. That's why I don't like zeroing rifles at 25m. The 6mm PPC I used is a benchrest rifle fitted with a Leupold (fixed 45x magnification) telescope which is difficult to shoot with at 25m. Even when excluding the 6mm PPC, the groupings of the .260 Rem and .30-06 at 100m are not good enough for hunting.

I see zeroing at 25m as a compromise ONLY. Always test the zero at 100m or your self-imposed maximum hunting distance.

VAN WEESKIND TOT WENNER

Die .264 Winchester (bekendgestel in 1959) het die uitstekende ballistiese kwaliteite van die 6.5mm-koeëls bevestig. Hierdie kaliber was aanvanklik baie gewild, maar het as gevolg van 'n reeks nuwe kalibers se ontstaan aanhang verloor.

Vandag is die 6.5 Creedmoor groot nuus. Sien Thinus Steyn se uitstekende artikel in die April-uitgawe. In dié artikel word verwys na heelwat ander 6.5-kalibers – almal draers van die “magiese” 6.5mm-koeëls.

Die .264 Win Mag is die enigste 6.5-kaliber op die mark wat aan die herlaaier die vrye keuse gee om van die ligste tot die swaarste koeëls te laai. Geen van die ander 6.5-kalibers het dié groot dop om mee te speel nie. (*Dis nie korrek nie, die .260 Nosler en die 6.5-300 Weatherby het albei groter doppe as die .264 Win Mag. Redakteur*) Vergeet maar van groefdraai en ander tegniese aspekte – vandag se herlaaier weet hoe... *Viva la .264 Win Mag!*

Ek gebruik 140gr Hornady SP InterLock-koeëls voor 52gr IMR 4350. Die 2 800vps is meer as genoeg vir algemene jag.

Kyk ook na sekere kommentare op die internet: *“The 6.5 Creedmoor will, for all practical purposes, perform with the .264.”* En: *“... .264 Win Mag. Shoots FLAT... with big power and very little deviation. The rest is all hoopla. New is not always better.”*

**TEVREDE MET WEESKIND
HOEDSPRUIT**

WENBRIEF
WINNING LETTER

R1 000

GESKENKBEWYS / GIFT VOUCHER



**SAFARI
OUTDOOR**

WWW.SAFARIOUTDOOR.CO.ZA



TEMPERATURES CHANGE. POINT OF IMPACT SHOULDN'T.



ALLIANT POWDER®

Technically Superior by Design


You can't change the weather. The weather shouldn't change your shooting. That's why we developed the newest propellants in the Reloder® family. **Hot or cold. Always on target.**

10x, 15, 16, 17, 19 and 22 Reloder powder available at all participating dealers. Contact Formalito to locate your nearest dealer.

Available at all Premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664-7793/4

FORMALITO
SPORTS • ARMS • OUTDOOR

SNELVUUR



CORONAVIRUS STUIT DIE HEROPENING VAN OLIFANTJAGTE IN BOTSWANA

Die uitbraak en verspreiding van die Coronavirus het 'n ernstige demper geplaas op Botswana se eerste jagseisoen sedert 2014, waarin olifante ook op die spyskaart is.

Botswana se regering het aan die begin van April 'n noodtoestand aangekondig, sowel as 'n algehele nasionale inperking van 28 dae wat op 2 April ingetree het. Daar is ook reisbeperkinge ingestel wat beteken reisigers van lande soos Brittanje, Italië en die VSA nie na Botswana kan reis nie.

Verskeie Botswana-gebaseerde jagondernemers het reeds te kenne gegee dat baie van die jagte wat vir die 2020-seisoen bespreek was, alreeds uitgestel of gekanselleer is. Baie van hierdie ondernemers het die Botswana-regering versoek om die amptelike jagseisoen te verleng gedurende 2020, om hulle in staat te stel om hulle verliese te beperk aangesien hulle reeds vir dié seisoen hul jaglisensies betaal het.



PK VAN DER BYL'S RIFLES



Earlier this year we published an article on PK van der Byl's Woodward double rifle. The present owner of the rifle was told by Bruce Highman that the double belonged to PK and that PK hunted with it.

Well, shortly after the publication of the article I got a phone call from Valerian van der Byl, PK's son who runs Fairfield, the Van der Byl family farm in the Overberg. According to Valerian that Woodward double did not belong to PK

but to PK's father (PV van der Byl) who acquired it for hunting tigers in India. PK apparently never used the Woodward double for any hunting.

Valerian then sent me pictures of PK's hunting rifles (the ones he used regularly), both by Holland & Holland. The one, a bolt-action rifle is chambered for the venerable .375 H&H cartridge and the other, a nice double, for the .500/.465 Nitro Express.

About a month later I visited Valerian on Fairfield and had a good look at both rifles. And what a pleasant and unassuming gentleman the young mister Van der Byl is! We spent a lovely day with him on Fairfield and was shown around the 8 000ha property, a beautiful farm. I am planning to return to Fairfield later this year for a hunt and after that I will also tell you more about the two rifles that truly belonged to PK van der Byl.

Koos Barnard



MALAYSIA CUSTOMS SEIZE PANGOLIN SCALES

Customs officials at Malaysia's main seaport recently confiscated a record haul of pangolin scales with an estimated value of \$25.7 million, US. The scales were hidden in large bags inside a container and were declared to customs as cashew nuts in an attempt to clear it through Port Klang, 38km southwest of Kuala Lumpur. The Malaysian Royal Customs Department reported in a statement that this was the biggest haul of pangolin scales seized by them so far this year.

The long-tailed pangolin, also called the scaly anteater, is the world's most heavily trafficked

mammal with its scales being used in traditional medicine and its meat sold on the black market. There are eight species of pangolin and all eight are on the Red List of Threatened Species, three have been listed as critically endangered, three as endangered and two as vulnerable (as of January 2020) by the International Union for Conservation of Nature.

A recent study by the South China Agricultural University suggested that the current strain of Coronavirus might have spread to humans from a pangolin.

NOTICE TO ALL RELOADERS



INCORRECT LABELLING OF S361 PROPELLANT

It has come to Rheinmetall Denel Munition's attention that there are reload tins in the market that were incorrectly labelled.

The incorrect label on the tin is S361 and underneath the tin it is marked S341/438/19.

Please refrain from using this product and return it as soon as possible to the dealer that you bought it from to be exchanged.

We want to reassure customers that future stock will feature the correct information.

For any further information contact RDM - Elmarie Zikmann 082-941-4917

**RDM values your
continued support.**

WILDSTROPERY IN NAMIBIË

Na raming is 12 olifante en 45 renosters gedurende 2019 in Namibië gestroop. Dit is volgens 'n verslag oor wildlewe-misdaad wat onlangs deur die Namibiese ministerie van omgewing en toerisme vrygestel is. Dié verslag maak ook melding dat owerhede op 116 olifantande en agt renosterhorings beslag gelê het. Van dié olifantande is afkomstig uit Namibië se buurlande.

Die verslag sê verder dat 174 sake rakende wildlewe-misdaad in 2019 aanhangig gemaak is, waarvan 92 betrekking gehad het op ietermagogs, 54 op olifante, en 32 op renosters. Volgens die ministerie sluit hierdie

statistiek slegs gevalle in waar verdagtes in hegtenis geneem is, of indien daar beslag gelê is op onwettige produkte. Hoewel ondersoek ingestel is na kassie van vermoedelik gestroopte diere, is dié syfers nie by die verslag ingesluit nie.

Daar is ook 17 mense gearrester vir sameswering tot renosterstroping en 28 verdagtes is skuldig bevind aan die stroop van olifante en renosters, of die handel in tande en horings. Die areas waar die meeste wildlewe-misdaad voorgekom het, was in die sentraal-, oostelike en noordoostelike gebiede van die land, met die meeste gevalle in die Otjozondjupa-omgewing.

NUWE DOP- SMEERMIDDEL



Eugene van Niekerk van G&G Varminting in Bloemfontein het onlangs 'n nuwe dopsmeermiddel ontwikkel vir herlaaiers. Dit word van natuurlike produkte vervaardig en die vervaardiging en verpakking word hier in Suid-Afrika gedoen. Slegs 'n uiters dun laagje smeermiddel is nodig wanneer jy jou doppe wil hervorm (*size*) in 'n matrys. Ons het 'n video onder oë gehad waarin die smeermiddel gedemonstreer word en dit werk uitstekend. Eugene van Niekerk is een van Suid-Afrika se beste jakkalsjagters, 'n bedrewe skut en vuurwapen-entoesias en hy herlaai patrone vir 'n hele aantal vuurwapens.

Een blikkie Ballistic Case Wax sal baie lank hou en teen die huidige bekendstellingsprys van R100 (plus posgeld) per blikkie is dit beslis 'n winskoop.

Om te bestel, kontak Eugene per WhatsApp by 082-535-4100 of e-pos hom by geno@ggvarminting.co.za

WEN

MET DIE KLIK VAN 'N KNOPPIE!

Vier gelukkige lesers staan die kans om die onderstaande Trots Suid-Afrikaanse produkte te wen.

Besoek ons webtuiste
WWW.SAJAGTERHUNTER.COM
en klik op die **WEN-knoppie** om in te skryf.



Volg die instruksies. Die sluitingsdatum vir hierdie maand se kompetisie is 25 MEI 2020.

HIERDIE MAAND SE PRYSE:

DENNIS KAPPETIJN-MES



Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500. Vir meer inligting, sien ons webtuiste; besoek www.kappetijnknives.com of kontak hulle by 082-923-5639 of 082-968-4242.



DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

Twee lesers kan elk 'n ammunisiekie in die kaliber van hul keuse wen. Die Dovetail-ammunisiekie word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by 083-257-4041 vir meer inligting. Elke kisse is ongeveer R525 werd.

WENPRYS

Limpopo-vellie

ter waarde van R470 BTW ingesluit



www.stevensonhamilton.co.za

admin@promark.co.za

Produk van Suid-Afrika

Kry jou prys by



PROMARK/ STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerklere, ens.) kan elke maand gewen word. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by www.stevensonhamilton.co.za.

APRILMAAND SE WENNERS:

- ⚙ **KAPPETIJN-MES:** PIETRO PETRINI, PRETORIA.
- ⚙ **DOVETAIL:** PIETER DU PREEZ, BLOEMFONTEIN EN STIAAN VAN HUYSTEEN, RUSTENBURG.
- ⚙ **STEVENSON HAMILTON-KORTMOUHEMDE:** RENIER GROENEWALD, NELSPRUIT.

Meimaand se prysweners se name sal in die volgende uitgawe van SA JAGTER/HUNTER-tydskrif verskyn en dit sal ook op ons webtuiste bekend gemaak word.



'N HOND? NATUURLIK.

Het ek 'n hond, vra iemand my nou die dag. 'n Hond? Natuurlik!

Haar naam is Maserati, maar dié gebruik ons net wanneer sy aan vreemdelinge voorgestel word. Hier om die stoep is sy sommer Ratti, of Dun Ding, want sy's 'n windhond. Partykeer is dit Draadkar of Kitaarsnaar of Strykplank of Bicycle, almal troetelname. Sy verstaan, en dan klop-klop daai lang bruin sekelstert van liefde.

Haar voorganger, Velocity, was ook 'n windhond. 'n Gitswarte. En voor haar was dit Bliksem, so 'n *brindle*. Ek hou van die windte want hulle is eiesoortige honde met 'n besondere agtergrond: Een van die oudste honderasse op aarde, aangepas tot 'n unieke bouwvorm om te spesialiseer in die 400m jaag en plattrek, 'n nis wat die windhond deel met die jagluiperd.

Kyk net hoe perfek het die natuur hierdie naelloper geslyp: 'n Besonder buigbare ruggraat sodat daardie strykplank op volspoed kan oop- en toeslaan, soveel so dat al vier pote op twee stadions van die grond af is tydens elke tree. 'n Vaartbelynde kop en lyf, met 'n kort haarkleed vir minimum lugsleur. 'n Smal blaasbalkborskas as turbo en 'n lywige hart om genoeg olie te pomp na die lenige spiere van dié kwartmylspesialis. Daarby ook nog laaaang tone as lanseervere, en 'n lang sekelroer vir balans.

Hierdie ontwerp maak van die windhond 'n dodelike predator. Maar tog is dit steeds 'n edel, selfs adellike, dier.

Wat 'n voorreg dan dat ek, lomp en gewoon in vergelyking,

my lewe kan deel met so 'n unieke wese! Maserati is elke dag my lewende skakel met ons gemeenskaplike Moeder Natuur. 'n Natuur waarvoor ek lief, maar nogtans vreemd is, want my spesie leef al geslagte lank verwyderd daarvan.

Draadkar, daarteenoor, het die natuur nog sterk in haar wese. Sy kom daar van die Koebee se omtes in Namakwaland af, waar haar familie al geslagte lank bedrywig is as werfslapers, wielpisters en jakkalsjagters. Veearts en winkelkos het haar voorvaders nie geken nie; hulle

telkens ook deur manne uit die Transkei voorgekeer om eers te gesels oor die mooi van so 'n *twini*, want ook hulle het respek vir 'n hond se natuur.

Maar dan kry mens mos ook daardie wollerige siele wat glo 'n hond is eintlik 'n lewende teddiebeertjie. Iets wat hulle fraaijies kan knip en kleur en strikies aan knoop en jassies omhang sodat hy nie dalk koud kry wanneer hy gaan piepietjies nie.

Maar wat is 'n gemanipuleerd-geteelde ornamentjie wat op 'n kussing voor 'n verwarmers lewe? Het hy nog enige van die

Toegegee, liefde vir diere kom in verskillende vorms. Maar 'n hond, selfs al het ons hom tot troeteldier getem en as familie aangeneem, is 'n hond.

was eerder 'n produk van na aan die natuur leef.

Dit is dan ook wat vir my spesiaal is van my vriendskap met Maserati: Haar natuurlike hondheid. Sy is 'n boorling van die veld, 'n ware kind van die wind.

So 'n hond geniet respek onder mense wat self na aan die natuur leef, soos die skaapwagters en jakkalsjagters en karretjiemense van die Karoo. As vanger het 'n windrinker nie sy gelyke nie, sal hulle jou vertel. Hy's jakkals se tier en as jy 'n vinnige wind het, het jy mos darem vleis ook. Haas kan maar verlê; 'n goeie wind sal onder hom inkom en hom pot toe bring. Net so word Ratti en ek

gawes van natuurlike seleksie? Beklee hy nog die nis in die voedselketting waarvoor die natuur hom bestem het? Kry hy geleentheid om sy instinkte uit te leef? Is hy hoegenaamd nog 'n hond, of is hy tot 'n popdiertjie omskep om in sy eienaar se emosionele behoeftes te voorsien?

Toegegee, liefde vir diere kom in verskillende vorms. Maar 'n hond, selfs al het ons hom tot troeteldier getem en as familie aangeneem, is 'n hond. Ons behoort dit te respekteer en hom steeds te eer vir wat hy eintlik is: 'n Lewende dier uit die natuur. Net so ook – nee, nog meer so – ons wild.

Ek glo wild moet wild wees.

Dis natuurgood, moreel buite die maak-en-breekreg van die mens. Olifante moenie op gery word nie. Buffels moenie met plaatjies in hul ore agter 'n man met 'n voeremmer aan loop nie. Leeus moenie in kampies lê en kyk hoe mense selfies neem by hul welpies nie. Selfs 'n boklammetjie wat uit 'n tietiebottel drink is 'n tree weg van die natuur, al is die ogies en die skraal lyfietjie so fraai. Wild is skepsels uit die natuur, hulle moet wild en eiesoortig wees, hulle is nie ons besittings om te herskep of om ons onself mee te amuseer nie.

Maar nie almal dink so nie.

Party mense sien diere slegs uit hul eie menshoek. Hul selektiewe denkraamwerk laat nie toe dat hulle holisties na die natuur se wesens kyk en 'n groter plan respekteer nie. In hulle gekonstrueerde wêreld kom die mens altyd eerste en die natuur moet hom dien.

Dis hoe ons uitgekome het by dansende sirkusolifante en ornamentele handsakhondjies wat nie eens een nag in die veld sal oorleef nie. En, tragies genoeg, selfs van owerheidskant by 'n wet wat bepaal dat nóg 24 wildspesies (12 is al in 2016 gelys), waaronder renoster, leeu en jagluiperd, nou amptelik tot plaasdierstatus gereduseer is.

Sowaar ja; selfs die koning van die oerwoud is nou 'n plaasdier, gelyk aan skaap en bees. En skaap en bees is mos maar bloot die generiese geldvee wat die mens van hulle gemaak het. Wat hulle oorspronklik in eie reg aan die speen van die natuur was, sal niemand seker meer weet nie. 🌿

RUDOLPH

Varmint Series:

V1 2.5-15x50mm T3 IR

V1 5-25x50mm T3 IR



Features:

- * **NQA** Lifetime Warranty
- * One-piece Tube Construction
- * 2nd (rear) Focal Plane Reticles
- * Fully Multi-Coated Lenses
- * 30mm Tube Diameter
- * Dioptic Compensation
- * Tactical Pop-up Turrets
- * Side Focus Parallax Adjustment
- * T3 **Illuminated** Reticle

Dealer Enquiries: 021 887 3700

"WHEN ACCURACY MATTERS"

www.rudolphoptics.com * info@rudolphoptics.com



Ek het hierdie vlakvarkbeer op Otterskloof geskiet met my Blaser .270 Win, gelaai met 160gr Nosler Partition-koeëls. Die skietafstand was 118m.

DIE .270 WIN: VUISVOOS VETERAAN OF FLINKE VOETSOLDAAT?

Is hierdie vyf-en-negentigjarige se gô uit, of is daar nog 'n tier in sy tenk?

Die .270 Win is in 1925 deur Winchester bekendgestel en het nou wel nie enige militêre agtergrond soos die befaamde .30-06 Springfield nie, maar in die jagveld gedra hierdie veteraan hom soos 'n ware voetsoldaat – hy bly getrou die harde werk doen.

Ek het vir baie jare geen oog-hare vir die .270 Win gehad nie, want my eerste skoot met een op wild was 'n misskoot en ek het summier die kaliber geblameer in plaas van die sot wat die sneller getrek het. Ek besit egter al vir meer as twee jaar 'n Blaser in .270 Win en geniet die kaliber terdeë.



HOOFFOTO EN INSETSEL: Die .270 Win is aanvanklik ontwikkel vir die jag van mediumgrootte wild in oop terrein.




Die .270 Win (regs) is ontwikkel deur bloot die dop van die .30-06 (patroon en dop links) af te nek sodat dit .277"-koeëls kan neem.



Daar is 'n goeie verskeidenheid koeëls in .277"-kaliber beskikbaar. Hier is slegs sewe. **VLNR:** 110gr Hornady V-Max; 130gr Sierra SPBT; 130gr Balistix; 140gr Sierra SPBT; 150gr Norma Oryx; 160gr Nosler Partition en 180gr Woodleigh.



BO: Winchester het die .270 in 1925 bekendgestel in hul Winchester Model 54-geweer.
ONDER: 'n Winchester Model 54 wat in 1936 vervaardig is. (Foto's: Internet)



Jack O'Connor, 'n Amerikaner, het die .270 Win gewild gemaak deur artikels te skryf oor sy bergskaapjagte met dié kaliber. (Foto: Internet)

VEELSYDIGE KALIBER

Dis 'n standaard-kaliber wat hom amper soos 'n magnum gedra. Die .270 Win is vir baie jare al een van die gewildste jagkalibers wêreldwyd en was eens gereken as een van die beste langafstandkalibers vir klein- en mediumgrootte wild. In Suid-Afrika is dit veral vlaktejagters wat oor die jare heen sy lof besing het. Dis 'n redelik veelsydige kaliber waarvoor daar koeëls van 90gr tot 180gr beskikbaar is. Wat koeëlgewig betref, is die .30-kalibers natuurlik meer veelsydig, maar volgens my mening het jy nie meer as twee koeëlgewigte per kaliber nodig nie. Dis net die Amerikaners wat dink jy benodig vir elke boksoort en bokgrootte 'n ander koeëlgewig.

Die .270 Win is niks anders as 'n .30-06 Springfield-dop wat afgenek is om 'n .277"-kaliber koeël te neem nie – die enigste verskil is dat die .270-dop 'n fraksie langer is. Maar hoekom dan iets soos die .30-06 neem en daaraan torring?

LIGTER, VINNIGER, MINDER SKOP

Winchester se doel met die .270 was om 'n effens kleiner kaliber te ontwikkel wat ligter koeëls (130-greiners) teen 3 000vps kon lanseer vir 'n platter trajek as wat met die .30-06 se 180gr-koeël die geval is. Die .30-06 skop ook 'n bietjie meer as wat baie skuts gemaklik mee is. Neem byvoorbeeld gewere wat 8lb weeg (3.6kg): 'n .270 Win met 130gr-koeëls teen 3 100vps raps jou met 15.77vt/lb teen die skouer en 'n .30-06 wat 180gr-koeëls teen 2 700vps skiet, se terugskop-energie is 22.51vt/lb.

Verder het die Amerikaners ook besef dat jy glad nie 'n 180gr-koeël teen 2 700vps nodig het om Amerikaanse wild soos die *pronghorn* (gaffelbok), *whitetail deer*, *mule deer* en selfs *elk*, swartbere, kariboes en bergskape om te kap nie. Die platter trajek van die .270 Win se 130gr-koeël het ook handig te pas gekom met langer skote want afstandmeters was nog nie in gebruik nie. Nosler Ballistic Tip-koeëls het toe nog nie be- »



Twee Oryx-koeëls (150gr) wat uit twee koedoeëls gehaal is. Die .270 Win presteer goed op groot wildsbokke met 150gr-koeëls.

» staan nie, maar ek gebruik hulle ter illustrasie hier. Lanseer 'n 130gr Ballistic Tip uit die .270 Win teen 3 060vps en die koeël tref 20.3cm laag op 300m met 'n 200m-zero. 'n Ballistic Tip van 180gr teen 2 700vps uit 'n .30-06 val 26.2cm op 300m as dit op 200m in die kol skiet.

Winchester het destyds die .270 bekendgestel in hul Model 54-slotaksiegeweer en aanspraak daarop gemaak dat dié kaliber 130gr-koeëls teen 3 160vps kan lanseer uit 24"-lope (die snelheid is later aangepas na 3 060vps toe). Daardie snelheid het die .270 Win in die destydse magnumklas geplaas, maar dit het aanvanklik nie veel aandag getrek nie want die .30-06 was te goed gevestig.

Toe begin Jack O'Connor, wat by uitstek 'n bergskaapjagter was, om die .270 se lof te besing. Die plat trajek was han-

dig vir lang skote op bergskape en die minder terugskop het beteken gewere kon ligter gemaak word vir maklik dra in moeilike terrein. O'Connor was 'n goeie skrywer en sy artikels het die verbeelding aangegryp. Hy was seker manalleen verantwoordelik vir die .270 Win se sterstatus in Amerika. Dit was moontlik ook sy debatte met ander skrywers soos Elmer Keith, wat swaarder kalibers voorgestaan het, wat die groot debat oor die effektiwiteit van ligte, vinnige koeëls teenoor stadiger, swaarder koeëls begin het.

Alhoewel O'Connor die .270 Win opgehemel het, het hy tog eenmaal erken dat, as hy toegelaat sou word om slegs een geweer te mag besit, hy een in .30-06 sou kies.

VEELDOELIGE PLATSKIETERS?

As gevolg van O'Conner se arti-

kels het baie mense wêreldwyd begin glo dat die .270 Win al kaliber is wat jy ooit nodig sal hê vir alle vlakke- en bergwild. Daar is egter ook baie wat vas bly glo dat dit altyd ondergeskik sal wees aan die .30-06 wanneer groter wildsbokke op die spyskaart is. Die algemene opvatting is dat die .270 'n platskiet-vlaktekaliber is vir klein en medium-grootte bokke en die .30-06 'n sogenaamde *all-rounder* vir alles van duiker tot eland.

Die opvatting dat hierdie twee kalibers verskillende aanwendingsrolle het, het ontstaan omdat die meeste mense die .270 se 130gr-koeël teen 3 000vps+ vergelyk met die 180gr-koeël van die .30-06 teen 2 700vps. Dit is die tradisionele koeëlgewigte waarmee hierdie twee kalibers vandag nog gelaai word. Dis ook belangrik om te onthou dat die hoeveelheid mense wat winkelammunisie koop, veel meer is as dié wat self laai.

Jagters het dus van die begin af nooit die twee kalibers se vermoëns met dieselfde koeëlgewigte teen mekaar opgeweeg nie, of soos ons sê, appels met appels vergelyk nie. Vandag weet ons, as jy die .30-06 ook met 130- of 140gr-koeëls tot

volle potensiaal laai, dit 'n platte trajek as die .270 sal hê. Ook dat die verskil in seksionele digtheid (SD) van 'n 130gr-koeël in .270-kaliber en een van dieselfde gewig in .308-kaliber nie groot genoeg is om laasgenoemde werklik swakker te laat presteer op wild as die .270-koeël nie. (Volgens die slim manne behoort die .270-koeël 'n bietjie beter te penetreer as gevolg van sy beter seksionele digtheid.) Laai byvoorbeeld beide kalibers met 'n 130gr Barnes TTSX teen 3 000vps en jy kan met die grootste gerustheid groot wildsbokke soos koedoes en gemsbokke aandurf.



Die feit dat jy meestal nie 'n .30-06 met 180greiners nodig het vir algemene jag nie, asook die plat trajek en minder terugskop van die .270 Win, het vir genoeg mense genoeg getel om dié .277"-kaliber se gewildheid te verseker.

VLEISSKADE BEPERK

Weens die hoë koeëlsnelheid en die standaard-tipe loodkern-koeëls (van destyds) wat maklik omgeklink en selfs heeltemal opgebreek het, het die .270 Win vroeg reeds bekend geraak as 'n "maalvleismaker". Baie mense wil graag glo (selfs vandag) dat hulle hul bokke op langafstand skiet maar die feit is dat die meeste bokke op afstande onder 250m geskiet word en op daardie afstand veroorsaak vinnige kalibers groot vleisskade.

Hierdie springbok is op 230m met 'n 130gr Sierra platgetrek.

Groter vlaktewild skrik ook nie die .270 Win af nie. Hierdie Rowland Ward-swartwildebees is naby Dullstroom geskiet.



Vergelyk jy die vleisskade wat 'n .270 met 130gr-koeëls veroorsaak, teen die skade wat 'n stadiger 180gr-koeël uit die .30-06 maak, sal laasgenoemde altyd minder “maalvleis” maak. Gebruik jy egter die .30-06 met ligter koeëls teen .270 Win-snelhede, ontaard dit ook in 'n maalvleismaker – vra my, ek gebruik beide kalibers.

Alhoewel die .270 Win met 130gr-koeëls baie effektief op meduimgrootte wild is (dit word steeds in sommige kringe beskou as die klassieke springbok- en blesbokkaliber) is dit ook uiters effektief op groter wildsbokke as swaarder koeëls gebruik word. 'n Premiumkoeël van 150gr teen 2 850vps se trajek is amper net so plat as 'n 130gr s'n teen 3 060vps maar op 300m het dit meer slaankrag en penetrasievermoë as die ligter koeël. Daar is baie .270-eienaars wat slegs 150gr-koeëls in hul gewere gebruik. Jag jy in die bos, is daar Nosler se 160gr Partition-koeël vir die .270. Teen 2 450 tot 2 550vps is hierdie koeël mans genoeg vir enigiets tot en met elande en vleisskade is veel minder as met ligte, vinnige koeëls. Volgens Nosler se *Reloading Guide Nr 7* kan die 160gr Partition tot 2 800vps gelaai word.

Woodleigh maak selfs 'n 180gr-koeël in .277"-kaliber vir diegene wat dink dat 'n 160gr Partition nie genoeg is nie. On-

gelukkig het die Corona-inperking verhoed dat ek dit in my geweer kon gaan toets.

ONGEGRONDE KRITIEK?

Wanneer jy die .270 Win met die .30-06 vergelyk, is eersgenoemde se nadeel dat jy nie soos met die .30-06, 200- en 220gr-koeëls kan gebruik nie. En as daar nou een koeël is in die .30-06 wat homself bewys het in die bos, is dit die 220greiner. Die vraag is egter hoeveel keer jy werklik so 'n swaar koeël nodig het vir algemene wild. My ondervinding is dat 'n 180gr-koeël uit 'n .30-06 goed genoeg is vir alle wild tot en met eland en gebruik jy 'n .270 met Nosler se 160gr Partitions, kry jy maar baie dieselfde resultaat.

In 'n onlangse penetrasietoets in nat tydskrifte het 'n 160gr Partition uit my .270-geweer net so goed gevaar as 'n 180gr Oryx-koeël uit my .30-06.

Die .270 Win word deesdae baie gekritiseer en ek het 'n punt daarvan gemaak om mense te vra waarom die fel kritiek. Niemand kon vir my 'n bevredigende antwoord gee nie. Een of twee het genoem dat die .270 wispelturig is ten opsigte van akkuraatheid, ook as jy vir dié kaliber herlaai. Ek het egter al dieselfde met my .30-06 ervaar waarvan ek al drie lope klaar geskiet het. Terloops, ek ken iemand wat nou onlangs sy .30-06 se loop om 'n paal wou buig oor akkuraatheidsprobleme.

Sommiges kritiseer ook die



Nosler se 160gr Partitions werk uitstekend in die bos in die .270 Win. Let op na die lengte van die koeël in vergelyking met dié van die 180gr Norma Oryx .308"-koeël (heel links). Ek laai die 160gr Partitions teen 2 436vps vir my Blaser.

FOTO'S A, B EN C: Goeie groeperings uit die Blaser op 100m. Die groepering sonder byskrif (Foto C) is geskiet met 160gr Nosler Partitions en 'n 1-6x24 Lynx-teleskoop.

.270 se ou dop-ontwerp en vergelyk dit dan met die 6.5 Creedmoor en ander moderne kalibers met kort, vet doppe. Daardie dop-ontwerpe is glo so *efficient* dat jy alles verder en raker en “doodter” skiet as dood. Die “maalvleis”-ding oor die .270 word ook nog opgehaal. Maar watter invloed het al hierdie papiervoordele van die moderne kalibers in die jagveld? Net mooi niks! Jy gebruik dalk effens minder kruit in sommige moderne kalibers (6.5 en 7mm) om dieselfde resultaat te kry, hulle terugskop (net sekeres) is 'n katspoegie minder en windskuif is ook 'n rapsie minder. Dis egter net op baie lang afstande 'n moontlike faktor en die min-



Hierdie rooibok is met 'n 160gr Nosler Partition-koeël geskiet. Die teleskoop is 'n Lynx 1-6x24.

der kruit wat jy gebruik is só min dat jy dit skaars aan jou sak gaan agterkom.

HERLAAI VAN AMMUNISIE

Oor die .270 se nukke as jy herlaai, kan ek nie kla nie. Ek het net ondervinding met my Blaser en met hom het ek tot nog toe geen probleme ondervind nie. Dié geweer groepeer goed met omtrent alles wat ek al deur hom geskiet het, van 110gr tot 160gr en dít met byna geen ladingontwikkeling nie. Dalk is ander gewere anders as 'n Blaser.

Herlaaikomponente vir die .270 Win asook fabrieksammunisie, is geredelik beskikbaar in Suid-Afrika en die verskeidenheid is goed. Met geskikte Somchem-dryfmiddels tans onverkrygbaar, word plaaslike herlaaiers gedwing om oorsese dryfmiddels te gebruik en daar is verskeie wat uitstekend werk – IMR 4350, Hodgdon 4350, RL22, Norma 204 en MRP, asook verskeie Vihtavuori-dryfmiddels.

Ek het reeds vroeër na die .270 Win se effektiwiteit verwys maar kom ons vergelyk sy ballistiek op papier met dié van die .30-06 Springfield. Ballistiese toepassings wat trajekte en windskuif voorspel is deesdae baie akkuraat en vele topskuts gebruik dit. Ek het Federal s'n geraadpleeg en my gevolgtrekking was dat die .270 sy man baie goed staan as afstande gerek word en dieselfde koeëlgewigte met mekaar vergelyk word.

Onthou, dis net logies dat die ligte 130gr-koeël uit 'n .270 Win

nie kan kers vashou by die slaankrag van 'n 150-, 165- en 180gr-koeël uit die .30-06 tot op 300m nie. Maar kom ons vergelyk 'n bietjie twee 130gr Barnes TTSX-koeëls in beide kalibers.

SLAANKRAG EN WINDSKUIF

Volgens Barnes se herlaaiboek kan jy die 130gr TTSX teen 3 308vps uit 'n .30-06 lanseer en teen 3 173vps uit die .270 Win. Die .308"-koeël se BC is .350 en die .277" s'n .392. Met albei kalibers op 200m ingestel, val die .30-06 se koeël 18.4cm op 300m en die .270 s'n 19.4cm maar met 'n 18km/h-dwarswind is die


windskuif vir die .277"-koeël 1.9cm minder. Op daardie afstand tref die .30-06 se koeël met 1 696vt/lb-energie en die .270 se koeël met 1 661vt/lb.

Op 500m lyk dinge egter anders. Die .30-06 se koeël val 3.6 sentimeter minder, maar in 'n dwarswind van 18km/h skuif sy koeël 6.1cm meer. Die koeëlsnelheid vir die .30-06 is nou 1 922vps en die energie 1 066vt/lb teenoor die .270 se koeëlsnelheid van 1 948vps en 1 098vt/lb. Dit is te danke aan die .277"-koeël se beter BC.

Lanseer jy 'n 150gr Ballistic Tip (BC .435) uit die .30-06 teen

2 970vps (fabriekspesifikasie) en stel dit in op 200m, val die koeël 21.9cm op 300m en skuif 'n 18km/h-wind dit 22.4cm. Dit tref met 1 754vt/lb. Vir die .270 Win is die fabriekspesifikasie 2 850vps vir 150gr-koeëls. Lanseer 'n Ballistic Tip (BC .496) teen daardie snelheid en stel dit in op 200m, dan tref die koeël 23.1cm laag op 300m, windskuif is 20.6cm en dit tref met 1 715vt/lb. Maar kyk wat gebeur op 500m. Die .30-06 se koeël val 130cm, windskuif is 68cm, die koeëlsnelheid is 1 899vps en die energie 1 201vt/lb. Vir die .270 is die koeëlval 4cm meer maar die windskuif 61.6cm (6.4cm minder). Koeëlsnelheid is 1 922vps en die energie 1 230vt/lb.

Op 500m het die .270 Win dus meer slaankrag en minder windskuif as die .30-06 en die verskille in trajek is basies weglaatbaar klein. Mense wat langafstandjag doen, gebruik af-



Hierdie blesbok is op Otterskloof geskiet op 'n afstand van 177m met 'n 160gr Partition. Let ook op na die uitgangswond (insetset). Dit dui aan dat die Nosler-koeël mooi omgeklink het.

standmeters, so die effense plat-ter trajek van die .30-06 tel nie regtig nie. (Let wel, ons moedig glad nie mense aan om op afstande verder as 300m na wild te skiet nie, ek het bogenoemde bloot ter illustrasie gebruik.)

Ek probeer glad nie met bogenoemde statistiek bewys dat die .270 Win beter as die .30-06 is nie. Laasgenoemde kaliber lanseer koeëls van dieselfde gewig vinniger as die .270 en sal altyd oor normale jagafstande (tot 300m) meer slaankrag hê as die .270 Win. Die feit is net dat jy nie altyd daardie ekstra slaankrag nodig het nie want die .270 Win is meer as dodelik genoeg vir die meeste tipes wild wat ons plaaslik jag.

SLOTSOM: MY ERVARING

Oor die afgelope twee en 'n half jaar het ek koedoes, blouwildebeeste, blesbokke, rooibokke, vlakvarke en springbokke met 150gr-koeëls uit my .270, .30-06 en .308 geskiet en ek kon nie enige verskil in effektiwiteit tussen dié drie kalibers merk nie. Let wel, skietafstande het nooit 230m oorskry nie.

Soos genoem, is my .270 Win 'n Blaser. Dis 'n kort, ligte en handige geweertjie wat uitstekend in die bos hanteer en daarom gebruik ek dit ook gereeld met 160gr Nosler Partitions en hulle is dodelik. Vir langer afstande het ek aanvanklik 130gr Sieras gebruik maar later oorgeslaan na die 140-greiners toe want hulle is akkurater uit die Blaser. My geweer is ook akkurater by laer snelhede en daarom jaag ek nie 3 000vps met hom nie.

Alhoewel ek jare lank 'n .243 Win gebruik het vir springbokke, vind ek die .270 Win werk beter ten opsigte van windskuif, selfs al skiet ek sy koeëls teen matige snelhede. Vir my is die .270 'n veel beter opsie as die .243 of selfs die .25-06, vir mediumgrootte wild.

Om af te sluit: Die .270 Win was nooit bedoel om die .30-06 te vervang nie. Ek dink dit was bedoel om die .30-06 aan te vul as jy mediumgrootte wild oor langer afstande wou skiet in 'n

tyd toe afstandmeters nog nie beskikbaar was nie of as die terugskop van die .30-06 'n bietjie te veel na jou smaak was. Of vir diegene wat besef het dat die .270 Win kragtig genoeg is vir al die tipes wild wat hulle ooit

gaan jag. Dis 'n uitstekende kaliber vir klein en mediumgrootte vlaktewild en staan vandag nog steeds sy man ten spyte van die ontwikkeling van nuwer, sogenaamde “beter” kalibers.

Ek geniet my .270 geweldig

baie en sou ons toegelaat word om net een geweer te mag besit, sal dit beslis my Blaser in Jack O'Connor se kaliber wees. Dié veteraan wat vanjaar vyf-en-negentig jaar “jonk” is, is nog lank nie vuisvoos nie. 🍀

Ladings vir Blaser .270 Win met 21.9"-loop					
Koeël	Koeëlgewig	Kruit	Lading	Snelheid	Akkuraatheid
Sierra GK	130gr	S355	48gr	2 690vps	½MOA
Sierra GK	130gr	Norma 204	54gr	2 940vps	MOA
Sierra GK	130gr	Norma 204	55.5gr	3 011vps	1¼MOA
Sierra GK	140gr	Norma 204	50.5gr	2 628vps	Sub-MOA
Sierra GK	140gr	Norma 204	51.5gr	2 653vps	Sub-MOA
Sierra GK	140gr	Norma 204	52.5gr	2 710vps	MOA
Norma Oryx	150gr	Norma URP	49.5gr	2 602vps	½MOA
Norma Oryx	150gr	Norma URP	50.5gr	2 613vps	Sub-MOA
Norma Oryx	150gr	Norma URP	52gr	2 740vps	1½MOA
Nosler Partition	160gr	IMR 4350	46.5gr	2 436vps	Sub-MOA

Fabrieksammunisie in Blaser getoets					
Federal Fusion	150gr			2637vps	MOA
Norma Oryx	150gr			2657vps	MOA

Ladings vir die .270 Win uit Hodgdon se 2018 <i>Reloading Manual</i>				
Koeël	Koeëlgewig	Kruit	Lading	Snelheid
Hornady HP	110gr	IMR 4350	52.5gr	2 997vps
Hornady HP	110gr	IMR 4350	57.8gr	3 308vps
Hornady SP	130gr	H4831	56gr	2 843vps
Hornady SP	130gr	H4831	60gr	3 019vps
Hornady SP	150gr	IMR 7828	51.2gr	2 536vps
Hornady SP	150gr	IMR 7828	56.8gr	2 850vps

Ladings vir die .270 Win uit Nosler se <i>Reloading Guide No. 7</i>				
Koeël	Koeëlgewig	Kruit	Lading	Snelheid
Nosler AccuBond	110gr	IMR 4350	53gr	3 175vps
Nosler AccuBond	110gr	IMR 4350	57gr	3 437vps
Nosler Ballistic Tip	130gr	H4831SC	55gr	2 909vps
Nosler Ballistic Tip	130gr	H4831SC	59gr	3 124vps
Nosler Ballistic Tip	130gr	W760	54gr Maks	3 158vps
Nosler AccuBond	140gr	W760	49gr	2 835vps
Nosler AccuBond	140gr	W760	53gr	3 018vps
Nosler AccuBond	150gr	H4831	51gr	2 728vps
Nosler AccuBond	150gr	H4381	55gr	2 905vps
Nosler Partition	160gr	RL22	52gr	2 578vps
Nosler Partition	160gr	RL22	56gr	2 828vps

Vroue word opgelei
in die skietkuns met
Lee-Metford-gewere.



Poppie Jordaan na 'n
suksesvolle jagtog.



Twee pioniers voor hul
hut. Let op die hartbees-
vel wat dien as deur.



ton 95. Kanyis sk... door 1912.

Oos-Afrika: Toeka se tyd

Eertyds 'n land van melk en heuning... maar nou?

Ek is gebore en het groot-
geword in Kenia in die
1940's. Ons het destyds in
die Eldoret-distrik geboer
met beeste en gemengde ge-
saaiers. Vandag dink ek met
heimwee terug aan daardie lief-
like, vrugbare land en die on-
gekunstelde lewe wat ons toe
gehad het. Daar was altyd 'n
oortuiging van lewensmiddele en
ons het selfonderhoudend
geleef en gewerk. Die lug was
suiwer, water was onbesoedeld
en volop, die grond was vrug-
baar en onbesmet.

Na die beëindiging van die
Vryheidsoorlog teen Britse im-
perialisme, het baie mense geen
werk gehad nie en het gevolglik
verarm. Brittanje, wat sy mag in

Oos-Afrika wou uitbrei, het
mense toe genooi om hulle in
Kenia te kom vestig en die land
te ontwikkel. Baie het dié kans
aangegryp. Die meeste mense
het per boot gereis en by die
hawedorp Mombasa geland.
Een so 'n groep mense was die
Van Rensburg-trek. My ouma,
wat 'n oorlogsweduwee was, en
haar twee dogtertjies, was deel
van hierdie geselskap.

Vanaf Mombasa is die nuwe
immigrante per trein na die bin-
neland vervoer en op 'n stasie,
Londiani, wat op die ewenaar
geleë was, afgelaai. Hiervan-
daan het hulle met ossewaens
na die hooglande vertrek. Die
regering het klein stukkie
grond opgedeel en teen billike

'n Wa vol goedere op pad van
Londiani na die nedersetting wat
"95" genoem is.



Londiani to 95. May 1913.



Bertie Steyn voor sy huis.



Die regering het gesubsidieerde buffeljagte gereël om dié diere uit te dun. Let op die Lee-Metford .303 BR.

pryse beskikbaar gestel vir ontwikkeling. My ouma het so 'n stukkie grond gekoop en daarop geboer. Sy moes self hand aan die ploeg slaan, plant en ander plaaswerk doen en het so haar bestaan gevoer en die grondjie ontwikkel.

Like all Howas this one shot

very well. What put me off though was the price of its bullets, as well as the fact that .204 Ruger cases are not always readily available in South Africa. I sold the Howa .204 Ruger too, so it was back to the drawing board again.


After my experience with that Sako .222 I wanted a rifle built on a mini action. Then one day I saw an ad on Howa's mini-actioned rifles. Reading up on them I learnt that these rifles are available in three calibres; .223 Rem, 6.5 Grendel and 7.62x39. The last two did not interest me because I regarded them as unsuitable for my requirements but the .223 Rem made a lot of sense. I must confess though that the .223 Rem never really caught my attention before. However, my research revealed that cases are affordable (down-right cheap actually) are always readily available locally and the same goes for .224" bullets. With this little number you can also get 300 reloads out of a tin of S321 propellant. Suddenly my mind was made up, so I contacted Die Koöperasie in Humansdorp and bought a little »



The .223 Remington is adequate for game in the impala class, but shot placement is important.



Nico's ultimate *bakkie* rifle, a little Howa in .223 Remington fitted with a Swarovski Z3 4-12x50 scope.



The little Howa is accurate with 60gr bullets.

» Howa mini action in .223 Rem with a 22-inch sporter barrel.

THE SCOPE

Next, I had to decide on a scope. A Swarovski Z3 3-10x42 happened upon my way but the German nr4-type crosshair was not ideal, and the scope did not have target-type turrets for quick adjustments, should I need to shoot at longer ranges. The price was right though, so I bought it. The Swarovski's finish and the clarity of the optics impressed me but I never actually used that scope.

Less than a month later and even before the licence for my rifle was approved a Swarovski Z3 4-12x50 with ballistic turret became available at a good price and I snatched it up. In my mind it had all the right features – enough but not too much

magnification, a 50mm objective that would gather ample light under all lighting conditions and target-type turrets for quick adjustments. It appeared to be perfect for the job.

While waiting for the approval of the licence I had already arranged that a gunsmith work on the trigger to reduce the pull weight to less than 1lb and I also asked him to thread the barrel for a silencer. The final product was a Howa mini-action rifle in .223 Remington with a 22" barrel, fitted with a Swarovski Z3 4-12x50 scope with ballistic turret, a shortened Gun Warrior Picatinny-type rail that matched the length of the action, Warne

Mountain Tech low telescope rings, a 1" bubble level and last but not least, it was fitted with a Gun Warrior Shorty silencer.

My plan was to replace the standard stock of the Howa but after using it for a while I changed my mind and now I don't think I will ever do that. The stock is not the standard Hogue one fitted to the Howa Model 1500 rifles, it is made of a hard polymer and comes standard with large metal pillars for the action. The only change I made to the stock was to open up the barrel channel a bit to prevent the fore-end from touching the barrel when using a bipod on the rifle.

AN ACCURATE BULLET

With the rifle ready, the next step was to find an affordable yet accurate bullet to use. The rifle was advertised locally as having a barrel with a rifling twist of 1 in 9", but from all the info gathered on the internet and communication with Legacy Sports International I am convinced the rifling twist is 1 in 8". I bought some 53gr Hornady V-Max bullets from a local gun shop because they have a high BC for this weight class.

Using QuickLoad I calculated that the best velocity node would be in the region of 3 200fps. Starting low, I worked up the load until I reached that



On a recent springbuck *voorsit* shoot the Howa .223 Remington worked to perfection. This calibre is deadly on springbuck-sized game animals.

velocity. The cartridge's overall length was 58mm, the maximum length the magazine allows. The first results were not great, always producing a flyer. I tweaked the load several times, but the Howa still produced those annoying flyers.

More research followed during which I learnt that the 53gr bullet might be too short or stubby for the tight rifling twist. So, I got hold of some 60gr Hornady V-Max bullets and immediately the problem was solved. In fact, the rifle grouped well with just about any load I tried with the 60gr bullets. Group sizes ranged between .25" and .5" at 100yds. I eventually settled on a load that launches the 60gr V-Max bullets at 3 000fps.

Having found an accurate load, I tested the Howa at longer distances and was amazed at how well this light-barrelled rifle shoots. Testing was done out to 300yds to set up the calibration of the Z3's ballistic turret. With that done I found that hitting 10cm gongs out to 300yds was no art. When a friend visited to check his long-range rifle, I decided to give the .223 a go at 450yds and hit a tennis ball-sized bull painted on the gong with the first shot! It was clear that this "bakkie gun" had all the accuracy I needed.

WORKING THE SCOPE

The Swarovski Z3 with its ballistic turret works very well with the .223 Rem. With the rifle zeroed at 100yds, the first dot (green) is my 200yds zero, the second (orange) my 250yds zero and the third (red) the 300yds zero. For distances out to 500yds I use a small DOPE card with the necessary number of clicks written down on it. This card is stuck to the lid of my ammunition box (see photo).

For all shots out to approximately 300yds I simply estimate the ranges and adjust the turret accordingly (you have to shoot quickly most of the time, there is no time to use a rangefinder). Fortunately, the .223's trajectory is flat enough so that it does not matter if I am out by 10 or 20yds at distances up to 300yds. For shots beyond 300yds I use my Leica rangefinder and normally shoot from the prone position over a Harris bipod and a small CMH squeeze bag.

USING THE RIFLE

I now use the rifle almost daily on vervet monkeys and baboons that do massive damage to our sugarcane fields and avocado orchards. The rifle is light, short and handles very well inside the vehicle, also when I use it for walk and stalk hunt-

ing. On one occasion last year while stalking baboons the terrain was such that I could not get closer than 500yds of the animals. Fortunately, it was a windless day, so I decided to take the shot. Due to the rifle's low recoil I did not lose sight of the baboon when I fired and saw the bullet impact on the animal's shoulder. The 60gr bullet dropped the big male baboon on the spot. I do not recommend taking shots at live animals at those distances, but I was really desperate to get rid of that pesky baboon.

Last year I took part in a *voorsit* shoot for springbuck in the Eastern Cape and naturally the little .223 Howa was my rifle of choice. It turned out to be perfect for the job. In total I shot five springbuck over two days at distances ranging from 150 to 300yds. A friend also used it to bag two springbuck. This calibre is indeed very effective on small antelope.

While working on the farm I came across three warthogs one day busy destroying some crops, and even though not recommended for animals of this size the .223 Rem and 60gr bullets made light work of the three medium-sized boars. I dropped them in quick succession with three shots.

FOUND THE SOLUTION

This little .223 "bakkie gun" has in a short space of time become one of my favourite rifles and when I open the safe, I find it hard not to reach for it first. Its simplicity and the fact that it is so effective is probably what I like about it the most. For a calibre that initially did not really catch my attention and on paper does not have very impressive ballistics, it punches in a class above its weight.

When you are familiar with the .223 Rem's performance and limitations it can be a great tool. I do not recommend the .223 Rem for general antelope hunting, but if you do your bit it's a great specialist calibre for varmint/pest control and the culling of antelope up to the size of impala and blesbuck.

Coming back to the header of this article – the .223 Remington is a very popular calibre for which a variety of factory loads and reloading components are readily available locally. So, the .223 Remington should have been my likely choice all along, but the attraction of new, flashy and fast calibres often blurs good judgment and logic. Therefore, one sometimes takes the longer, scenic route to find the unlikely, likely solution. 🎯



A nice three-shot group fired at 450 yards on a steel gong. Even if you stretch the Howa's legs it is still deadly accurate.

Die suidoostelike laeveld van Zimbabwe is 'n area wat my baie na aan die hart lê. My jagspore lê op verskeie plase in hierdie deel en alhoewel die streek sedert 2000 baie swaar gebuk gegaan het onder Robert Mugabe se grondhervormingsprogram, het ek steeds baie goeie herinneringe van my ondervindinge daar.

So 'n paar jaar gelede was ek op 'n buffeljag naby Chiredzi saam met goeie vriend en professionele jagter, wyle Barry Style. Ons was een middag op pad na waar ons vroeër die spore van 'n klein troppie buffels gekry het toe hulle 'n bospaadjie gekruis het. Die Land Cruiser het kreun-kreun oor 'n klipperige hoogte tussen twee koppies geworstel toe Barry se selfoon begin lui. Dit was pure geluk dat daar hoegenaamd opvangs was. Die persoon wat geskakel het, was die plaaslike distrikskommissaris, so ons het gestop sodat Barry met die man kon gesels.


Soos dit dikwels in Afrika gaan, was daar eers 'n paar minute se "Hoe gaan dit?" en

Hier staan Johan by die probleemseekoei na al die aksie gedurende die nag. Let op die koeëlgat in die bul se nek. Die koeël moes op die blad getref het.



EEN DONKER NAG IN DIE SUIKERRIET...

As jy 'n buffeljag vir 'n seekoeijag verruil...



“Nee, goed dankie,” in Shona voor die amptenaar by die rede vir sy oproep uitgekom het. Daar was glo ’n alleenloper-seekoeibul op nabygeleë plase wat skynbaar ’n voorliefde vir die boere se suikerriet ontwikkel het. Veral die plaas van een spesifieke boer het al verskeie kere kwaai deurgeloop en die boer was dus *fed-up* met die seekoei, aldus die distrikskommisaris. Barry het belowe dat hy sou kyk wat hy kon doen, afgelei, en doodluiters vir my gevra: “*Want to shoot a hippo, Bud?*”

SEEKOEI-VERWOESTING

Dis die tipe vraag wat ’n mens se hart ’n slag laat mis, maar toe ek tot verhaal kom, het ek die aanbod met groot blydschap aanvaar. Aangesien dit reeds laat in die dag was, het ons die buffels met rus gelaat en teruggegaan kamp toe om ’n paar voorbereidings te tref. Op pad kamp toe het ons egter by ’n diep poel in die Chiredzirivier gestop waar ’n trop seekoeie gewoon het. Barry het die bul uitgewys en daar en dan vir my ’n vinnige skootplasingsles gegee, sou ons die seekoei in die water teëkom.

Ek het gewonder of ek alles gaan onthou as dit saak maak, maar het niks gesê nie. Dis immers nie aldag dat ’n mens buffeljag net so los om ’n probleemseekoei te gaan maniere leer nie!

Toe ons net voor donker by die *fed-up* boer se plaas aankom, was dit duidelik dat hy een van diegene was wat voordeel getrek het uit Kameraad Robert se grondgrype. Dit was ’n kleinerige besproeiingsplaas waarop duidelik in vroeër jare intensief met suikerriet geboer is, maar nou reeds baie vervalde voorgekom het. Op sommige van die omliggende landerye het ylerige lappies mielies tussen oorgroeide suikerriet gegroei, maar dit was duidelik dat die mense wat nou hier woon nie kommersiële boere was nie.

Uit hoflikheid het ons eers by die boer se huis gestop om te groet, maar hy was nie tuis nie. Sy vrou het egter onmiddellik aangebied om vir ons ’n gids te reël en bygevoeg dat die seekoei stiptelik *after dark* elke aand opdaag. Dit was verblydende nuus, maar toe ons die gids raadpleeg, het hy net sy kop



Seekoeie het letterlik ’n bek vol tande. Hierdie seekoeitrofee hang in Buffalo Range Safaris se jagkamp.

geskud en aangedui dat die seekoei gewoonlik eers *after midnight* opdaag! Met geen ander opsie nie, is ons toe na die landerye toe waar die seekoei so skade maak. Op pad kon ons sien dat die groentetuine ook

nie skotvry afgekom het nie, en die groenboontjies en tamaties wat nie opgevrete was nie, was fyn en flenters vertrap deur die groot dier.

Langs die suikerrietland was ’n groot ou kremetartboom waaronder ons die Land Cruiser geparkeer het. Barry se twee spoorsnyers, Kennedy en Bikita, het plastiekstoele vir my en Barry opgeslaan en, met ons gelaai-de .375’s byderhand, kon ons elk ’n louwarm Zambezi Lager geniet terwyl ons die sonsondergang bewonder.

DIE WAGTYD BENUT

Soos ek daar gesit het met die amper-warm bier in my hand en my geweer wat langs my teen die Land Cruiser gestut staan, het die gedagte by my opgekom dat ek besig was om iets te beleef wat hom al vir baie dekades lank oor en oor in Afrika afgespeel het. In Suid-Afrika is jakkalse, bosvarke en bobbejane gewoonlik die grootste kopsere vir die meeste boere, maar hier waar ek nou was, noord van die Limpopo, sou iets soos ’n .243 nie noodwendig die probleem-dierkwessie kon oplos nie! »

Hierdie seekoeie, afgeneem in ’n diep poel in die Chiredzirivier, het handig te pas gekom vir ’n vinnige skootplasingsles.



» Ek en Barry het later 'n vinnige toebroodjie afgesluk en so rondom 21h00 het die diep asemhaling vanuit die stoel langs my my oortuig dat my onverskrokke professionele jagter aan die slaap geraak het. Ek was egter in verwondering oor die miljoene sterre in die hemelruim, en elke dan en wan kon ek die twee spoorsnyers hoor wanneer hulle na die land toe stap om te kyk of die seekoei al sy verskyning gemaak het.

Dit was skuins na 23h00 toe Bikita saggies nader stap en Barry aan die skouer skud. Hy het dadelik sy geweer opgetel en fluisterend vir my beduie dat die seekoei in die land was. Weereens het my hart 'n bokspring gegee, maar ek het my geweer opgetel, seker gemaak die veiligheidsknip is nog aan, en agter Barry aan beweeg. Daar was feitlik geen maan nie en ek het Barry gevolg deur sy ligte khaki t-hemp voor my as baken te gebruik soos ons aanstap. Kennedy, wat voor geloop het, het 'n skietlig gedra en Bikita, volgende in gelid, het 'n flits gehad.

Voor dit donker geword het, het ek opgelet dat daar 'n afleivoor rondom die land was. Die voor was van sementblokke gemaak, en dit het deur my gedagtes geflits dat dit bepaald nie 'n goeie idee sou wees om nou in die afleivoor te trap nie. Ons het gelukkig baie stadig vorentoe beweeg en ek het stil-stil

gewonder of die ouens wat voor my loop, geweet het waarmee hulle besig is.

NET 'N DONKER KOL

Na wat soos 'n ewigheid gevoel het, maar seker nie meer as 'n minuut of twee was nie, het ons gestop. Ons was so naby aan die seekoei dat ons duidelik kon hoor hoe hy in die suikerriet wei. Ek kon egter steeds niks anders as duisternis sien nie. Barry het stadig omgedraai en in sy sagste fluisterstem gevra of ek die seekoei sien. Ek het stip die duisternis ingestaar, maar al wat ek kon sien, was donkerte, met 'n baie donker kol in die middel. Toe ek dit aan Barry noem het hy bevestig dat die donkerder kol inderdaad die seekoei was.

Die spanning het opgelaai en my adrenalien het behoorlik gepomp. Barry het na my toe gedraai, sy hand op my skouer gesit en in my regteroor gefluister: *"You better dump him, Bud, otherwise we might end up with a lap full of hippo!"* Sy aanmerking was om een of ander rede onder omstandighede vir my skreeu-snaaks en ek moes hard veg om nie uit te bars van die lag nie. Praat van snaakse sêgoed op snaakse tye!

Ek kon sien hoe Kennedy die skietlamp optel en het terselfdertyd die .375 opgelig en die donkerder kol begin soek. Toe Barry my vra of ek reg is, was

ek glad nie seker nie, maar nou ja, hier was ons nou met nêrens anders heen om te gaan nie. Ek het net 'n vinnige yes gefluister, en die volgende oomblik was my teleskoop vol helderverligte seekoei.

AWEREGSE SKOOTPLASING

Die bul se kop was na regs en ek onthou spesifiek dat daar 'n stuk suikerriet by sy bek uitgesteek het. Hy was ongemaklik naby, verseker nie verder as 15m nie, so ek moes skiet en klaarkry.

Ek het die kruisdraad op die bul se blad gesit en die sneller gedruk. Met die terugskop van die .375 het ek die seekoei uit my sig verloor, maar toe ek die geweer laat sak om te herlaai, het Barry my op die rug geslaan. Die seekoei was teen die grond met bloed wat by sy bek en neusgate uitgestroom het, en dit was duidelik dat hy nie weer sou opstaan nie. Barry het egter gevra dat ek hom nog 'n slag moet skiet, net om seker te maak, en ek het 'n tweede 300gr Woodleigh-volmantel agter die blad in die hartlong-area ingeskiet.

By nadere ondersoek het dit geblyk dat my eerste skoot 'n perfekte nekskoot was. Hoe ek dit reggekry het om op 15m die koeël amper 'n meter regs te *flinch* sal ek nooit weet nie. Die eindresultaat was egter 'n dooie seekoei, so ek het toe maar heel beskeie almal se lofprysinge aanvaar en eers die volgende

dag gebieg oor my aweregse skootplasing!

Aangesien die seekoei 'n probleemdier was, het sy tande en vel aan die Zimbabwiese Parkeeraad behoort. Die boer wat die skade gely het, was egter geregtig op die vleis as vergoeding vir sy verlies. Kort nadat ek die seekoei geskiet het, het die boer opgedaag en hy was heel dankbaar toe hy die dooie dier in die middel van sy suikerrietland sien. Volgens Barry sou hy tot soveel as \$2 per kilogram vir die vleis kon kry aangesien die bevolking in daardie gedeelte van Zimbabwe versot was op seekoeivleis.

NABETRAGTING

By nabetracting die volgende dag het dit geblyk dat die seekoei weens 'n gesteelde omheining uit 'n nabygeleë natuurgebied ontsnap het. Dié het glo aan 'n welbekende suikerproducent behoort. Die suikerproducent het die jagregte elke jaar ten duurste verhuur aan 'n bekende Zimbabwiese professionele jagter, wat op sy beurt weer oorsese kliënte gekry het om daar te kom jag. Daardie jaar sou daar egter een seekoei minder op die kwota wees. Die betrokke suikerproducent het onlangs verklaar dat hulle in groot finansiële moeilikheid was. Dit het my laat wonder of die geld wat hulle vir "my" seekoeibul kon gekry het, nie die moeilikheid begin het nie! 🎯

VECTOR OPTICS PREMIUM SCOPES

Excellent Optical Performance. Satisfying Perfectionists! Challenging the World's Best Brands with Fair Price

- German optical system
- Clear Schott glass lenses
- 30 mm Monotube
- Long eye relief (100 mm)
- Adjustment 1/5 & 1/10 mil
- Side focus
- Glass mil-dot reticle
- RED illuminated
- Honeycomb sun shield
- FREE Picatinny mounts

SCOPE MOUNTS

Premium-quality, Stress-free Mounting Ultimate Repeatable Accuracy & Reliability

Quick-detachable Pivot Mounts

Quick-detachable Picatinny rings with lever with perfect repeatable zero

Mounts for Sako Tikka, Blaser R8 / R95, Docter sights and sporting rifles

Vector rings from R500

For more info visit www.eaw.de/en/service/online-catalogue.html

PARAGON - German Style:

- 1,2-6x24mm R5 900.00
- 2-10x50mm R7 500.00
- 3-15x50mm R8 500.00
- 4-20x50mm R8 900.00
- 6-30x56mm R9 600.00

PACER - Air Rifle & .22:

- 3-9x40 x 1" R 990.00

GRIZZLY - Bos & Vlakke:

- 2.5-10x56mm R3 750.00
- 3-12x56mm R3 900.00

FORESTER - Value For Money:

- 2-10x40mm R3 900.00
- 3-15x50mm R4 500.00

REAPER - Multi-coated III

- 6-24x50mm R4 600.00

SENTINEL - Multi-coated III

- 6-24x50mm R4 950.00

TAURUS - 6xZoom Focus III

- 5-30x56FFP R8 900.00

RED DOT SIGHTS

- SCRD-10A R2 944.00
- SCRD-10C R2 944.00

LASER RANGEFINDERS:

- Rover 6x30x600m R3 990.00
- Aurora 8x30x1200m R5 990.00

RANYATI

FIREARM MOTIVATIONS (PTY) LTD

Office

www.firearmmotivations.co.za

Tel: 087 151 0987 | Fax: 086 529 2791

Email: info@firearmmotivations.co.za

Motivations - Occasional hunting & sport shooting, Dedicated hunting & sport shooting, & Self-defence | Renewals | Appeals | Deceased Estate - Firearms

Firearm Storage



No. 1 Catering Equipment Supplier by Soft-Ice Catering Equipment.
Call us on (+27) 12 548 2745 or (+27) 71 564 4285, Email: sales@cateringequipment.co.za
Visit our Showroom/Warehouse: 21 Escallonia Str, Montana, Pretoria, Gauteng



All Prices are Inclusive of 15% VAT
T & C's Apply



Visit our Online Store:

www.cateringequipment.co.za to view our full catalogue



Meat Mixers
From R2 799



2 in 1 Patty Press
R1 999



Vacuum Sealer
R1 549



Vacuum Bags
From R 55



Vacuum Packers
From R10 999



Meat Slicers
From R3 899



Sausage Fillers
From R1 899



4pc Stainless Steel Funnel Set
R 349



Meat Tenderizers
From R3 999




Band Saws
From R11 995



Stainless Steel Meat Mincers
From R3 499

We also supply a wide range of Bakery, Deli, Fun Food and Catering Equipment

NIGHT FURY



WHEN I AM SILENT

**I HAVE THUNDER
HIDDEN INSIDE**

SILENCERS | MUZZLE BRAKES | RANGE SHIELDS | GUN ACCESSORIES | WWW.BBG.ENGINEERING | 012 653 0023

LEICA FORTIS 6 2-12X50i

This riflescope is built like a tank and has crystal clear optics.



MAIN PHOTO: I fitted the Leica Fortis to my CZ 550 .308 Win for the range test.

BELOW: Leica supplies 12 BDC-rings that each mimics a certain bullet trajectory. These can be fitted to the turret for quick and accurate adjustments when shooting at distances beyond the zero distance.

The Cononavirus has spoiled a lot of things but I managed to put two scope brands through their paces on the shooting range just a day before the lockdown came into effect. One of these was the superb Leica Fortis 6 2-12x50i.

Leica rangefinders, binoculars and binocular/rangefinders (the Geovids) are very popular in South Africa but the riflescopes a little less so, which I think is a pity because Leica's riflescopes are world-class products.

ALL ITS FUNCTIONS

The Fortis 6 is robustly built, has a 30mm tube and, unlike some other scope brands, has no plastic parts or materials. Our test model is fitted with Leica's L-4A reticule (in the second focal plane) which has a thin cross-hair at the centre with a dot that can illuminate. The colour of the illumination is orange and there are nine brightness settings. To switch the illumination off you have to turn the dial all the way back to the zero mark.

However, it also has an auto "switch off/on by position". The illumination will automatically switch off when the scope is lifted up or lowered to an angle of $\pm 75^\circ$ or when tilted sideways more than 40° . It will also switch off after three minutes of no activity/movement. So, you can switch on the illumination, carry the rifle over your shoulder and whenever you level the rifle the illumination will come on again immediately. I have





TOP LEFT AND RIGHT: Notice the lock-ring (bottom half of the turret) in unlocked and locked position. The latter prevents accidental adjustment when in the locked position. Also notice the “window” through which the index marks are visible.

To fit a BDC-ring, loosen the grub screws of the turret cap/top assembly.



tested those functions and they performed as advertised.

The illumination dial/switch is located on the left-hand side of the tube where the turrets are (where you will normally find the parallax dial ring). With the magnification set at 10x, the dot size covers 1.5cm at 100m. A single CR2032 battery powers the illumination.

This model is set parallax-free at 100m, its eye relief is 90mm, the eyepiece is of the quick-focus type and the scope weighs 700g. Field of view is 20.4m at 2x magnification and 3.5m at 12x. Leica's claim in terms of light transmission is 92% and I must agree that this scope's clarity is extremely good. It provides a very sharp image and contrast. But that is what Leica products are known for – top-class optics!

A GREAT HUNTING SCOPE

The 2-12x50i has normal, low-profile turrets which are more suitable for hunting applications

and the adjustments are fairly coarse – one click moves the point of impact 1cm. This Leica is definitely a hunting scope – most target shooters prefer finer adjustments.

It has two features that I like – you can lock the elevation turret at any setting, and the turret can be fitted with Leica's bullet drop compensator (BDC) ring or, as Leica calls it, the “direct dial ring”. Models without the BDC-turret are also available at selected dealers.

Here's how it works: The top part or cap of the elevation ring is removable and the standard dial ring with normal index marks can be replaced with any one of 12 rings that all mimic certain trajectories out to 500m (the rings have more index marks for ranges beyond 500m but you must work those out through practical range tests). Leica supplies the rings and you simply choose one that is suitable for your calibre/load. The »

Lift the cap/top assembly off.



Remove the standard ring by simply pulling it away from the cap.



Fit the BDC-ring of your choice. It can only fit in one way.



Seat the BDC-ring all the way.



Fit the top assembly to the lower half of the turret and ensure the lowest digit on the ring corresponds with the zero mark on the lock-ring.

»ring's adjustments might not match your bullet/load's trajectory exactly, so range tests are necessary. Use this link to get the rings' adjustment values: ballistictool.leica-camera.com

FITTED TO MY .308

I had some cartridges for my .308 Win loaded with 125gr Nosler BT bullets that leave the muzzle at 2 905fps. Zeroed at 100m this bullet drops about 11cm at 200m, 24.5cm at 250 and 42cm at 300m. So I chose the EU5-ring (for metres, rings marked US are for yards). For a 100m zero this ring predicts a drop of 11cm at 200m, 24cm at 250 and 42.6cm at 300m. Unfortunately, I could not test it out to 500m because the only range available to me before lockdown was a 300m shooting range. By the way, the Leica's adjustments were accurate and repeatable.

Out to 300m the EU5-ring proved to be very accurate for my CZ .308 Win. On that day my rifle printed about 1.5cm

low at all distances when using the Leica BDC-ring. A slight adjustment was necessary to bring the point of impact spot on. Remember, do not simply accept what any ballistic calculator tells you – practical shooting tests are always necessary.

ADJUSTING THE SCOPE

OK, but how do you adjust the scope and fit the BDC-ring? First of all, you sight the scope in, say at 100m, by using the normal turret as it comes from the factory. Then you loosen the two grub screws in the turret cap (see photo) and lift it off the turret assembly. Now remove the factory-fitted ring and insert the BDC-ring of your choice. There is only one way to fit it into the cap. Just make sure that the naught or zero mark coincides with the zero mark on the lower half or lock-ring of the turret (see photo).

After replacing the cap, tighten the grub screws and simply adjust the turret as needed for the distance you want to shoot

at. The 20 is the 200m zero, 30 for 300, 35 for 350m, etc. Remember that you can use the lock-ring to prevent accidental adjustment of the elevation turret. A standard screw-on cap covers the windage turret and prevents accidental adjustments.

This Leica 2-12x50i really impressed me and I am very happy to recommend it. In addition to this model, there is also a 2.5-15x56i for those who want


to stretch distances a bit and also shoot in bad lighting conditions. It has the same features as the 2-12x but also comes with a parallax adjustment dial (from 50m to infinity).

The Leica 2-12x50i retails for R38 000 while the 2.5-15x56i costs R2 000 more. The price includes the BDC-rings which normally retail for R2 200.

For more information visit your favourite dealer. 🌐



The on/off switch or dial for the reticule's illumination is located on the left-hand side of the tube. There are nine brightness settings.



JAGTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

HUNTER

Adverteer in / Advertise in

Jacques Boshoff
 Tel: 012-485-9357
 Sel: 079-528-8793
jacques.boshoff@media24.com

Rina Hattingh
 Tel: 012-485-9361
 Sel: 072-605-4897
rina.hattingh@landbou.com

Ronnie Robbertze
 Tel: 012-485-9397
 Sel: 072-223-0533
ronnie.robberitze@media24.com

VIR DIE JONGSPAN



TEL HOVEEL BOSLUISE
DAAR OP DIE BUFFEL OOR
IS VIR DIE RENOSTERVOËL
OM AF TE PIK.

RENOSTERVOËL

JAGWENK

Wanneer jy die renostervoëltjie in die bosveld teëkom, is daar 'n groot waarskynlikheid dat jy wild in die omtrek sal vind. Die rede hiervoor is dat die voëltjies gewoonlik rondom wild draai en bosluise van die groter soogdiere afpik.

Alle voëlspesies is uniek, alhoewel sommige spesies spesifieke fisieke kenmerke in gemeen het. Die onderstaande lys van voëls het almal 'n helderrooi snawel.

Kan jy al 7 voëls vind in die woordsoek?

- ROOIBEKNEUSHORINGVOËL
- SWARTKOPWIELEWAAL
- ROOIBEKRENOSTERVOËL
- ROOIBEKKWELEA
- ROOIBEKKAKELAAR
- BOSVELDVISVANGER
- BUFFELWEWER

S Q V R F F J R Q Q Z F J W J C O Y N Q R
W R O O I B E K K A K E L A A R X Z M S E
A O O S Y O D R Y J M M Z Y X A E H J G W
R O O I B E K N E U S H O R I N G V O E L
T I D Q U T W P S M Z R R I R E T U M B W
K B I I F E K N N U S H G R I N G V O E V
O E O H F Q K P V B F V R Z B S X S D J E
P K I Y E B O S V E L D V I S V A N G E R
W K G F L V G H E R T X P K Z E F O X N F
I W J N W E F Z A N I E P V L H N C A Y U
E E Y B E P L E M Z O H Y D W C J U F M B
L L T J W Y H E U H O S V O Q A X E Y T B
E E E P E X B A W Q Q I T N X P A W R A V
W A T Y R Q F I R K S D X E B I Y M M Y Q
A X Y O B F S J J V K J F J R K O E E A O
A O R O O I B E K R E N O S T E R V O E L
L I X Z J T L N I M Z I B L K M O X M Z B

BOOM VAN DIE MAAND

TRANSVAALBOEKENHOUT (FAUREA SALIGNA)

Die klein tot middelgroot boom kom voor in Limpopo, waar dit teen rotsagtige hellings groei, en in KwaZulu-Natal en Mpumalanga waar dit langs rivieroewers groei. Jong blare en blaarstele van die boom is pienk met groenerig tot romerige wit blomme. Die hout het 'n liggeel, rooi kleur met 'n pragtige, kantagtige patroon en dien as goeie vuurmaakhout.



BLARE



BAS



BLOMME

ANTWOORDE
BLADSYE 61.

Jy wou net vinnig by Koedoekrip stop, vir 'n paar tarentaalvere om jou pyp skoon te maak, toe jy sien die bolwelf het vasgehaak en die dam het leeg geloop. As jy net geweet het wat 'n bolwelf in Engels is, kon jy Vrou gevra het om dit te gaan Google. Met die vierde industriële revolusie wat op pad is, is daar miskien al 'n meer betroubare toestel gemaak wat nie skrik vir brakwater nie.

Op 'n wildplaas lê daar altyd tarentaalvere by die drinkplekke rond. Jy dink dis omdat die wyfies hulle weerkaatsing in die water sien, die los velle om die nek, plooi om die mond en rimpels onder die oë, en dan sommer onder die naaste mannetjie invlieg dat die vere waai! (Die vroulike geslag maak so.)

In elk geval, dit was hier by Koedoekrip waar jy in die jagseisoen vir Gawie gekry het. Eintlik ópgetel het, want hy was so gehawend soos 'n jagter wat probeer het om 'n kwesgembok in te hardloop. Maar jy het geweet Gawie jag nie en sy skoonpa, Gert Grofgeskut, het dit ook geweet... Gawie jag nie.

Dit nogals terwyl Gert 'n jagter in murg en been en biltong was, maar sonder 'n enkele seun om sy drifte, drange en dertignul-ses aan oor te gee. Daarom het Gert sy geweergene aan sy enigste dogter, Velocity, probeer oordra tot tyd en wyl sy eendag met 'n jagter trou. Daarom is Velocity, vandat sy uit die doeke is, elke jaar saam met Groot Gert in die jagveld.

Tot sy dertien jaar oud geword het. Velocity het toe haar oorfone opgesit, haar selfoon gevat, die kamerdeur hard agter haar toegeklap en vir die gegriefde Gert geskreeu: "Ek haat jag, dit stink!" (Dogtertjies maak so.)

Sy was ook nie naby die pa-en-seun-jagnaweek nie – waar die seuntjies leer jag het en dikbek en bot geraak het omdat hulle net toegelaat is om vlakvarke en rooibokooie te skiet. Hulle wou eerder eland- en koedoebulle skiet om hul *profile pictures* op te dateer. (Seuntjies maak so.)



PLAAS-LIK

Dit was eers lank daarna, toe die seuns terugkeer, met stoppelbaard, spiere, *shooters* en Sauer S100-gewere en om die vuur sit en skater vir skurwe grappe (jongmanne maak so) dat Velocity uit haar kamer en kokon ontwaak het na haar fraai metamorfose en met vlindevlerkies verby die jagkamp gefladder het en toe besef het... jag is eintlik *fabulous*! (Jong dames maak so.)

Maar die weë van die liefde en dié van 'n koedoebul in ruie sekelbos, is onvoorspelbaar.

Net 'n jagter ken daardie lam, onwerklike gevoel as die skoot klap en daar waar die blouwildebees moes lê, lê net pensmis. Dis hoe Gert Grofgeskut gevoel het, toe Velocity met Gawie, die

IT-spesialis, by die huis aankom. Velocity het duidelik die skoot hoog deur, en dit deur 'n nie-jagter. Die naaste wat Gawie al ooit aan jag gekom het, was toe hy eenkeer shusi probeer eet het.

Gert se hardeskyf en Gawie se sagteware was nie *compatible* nie. Hoekom nou tussen al die slange, spinnekoppe en mopanievlieë in die bos aanstruikel om 'n bok te skiet, terwyl vleis in 'n slaghuis gekoop kan word.

Miskien, dink jy by jouself, het jou jagters nog net nooit so daaraan gedink nie. 'n Jagter dink mos net so ver soos wat sy bok staan. Buitendien verkoop slaghuise deesdae baie gesonde vleis, wat reeds met antibiotika, groeihormone, anti-oksidente en anti-depressante behandel is.

Gert het die IT na DIT vertaal en ook só na sy nuwe skoonseun verwys. Want Gert Geweer wou nie 'n skoon-seun gehad het nie, hy wou 'n vuil seun hê wat na sweet, harslag en geweerolie ruik... en nou DIT! Al wat Gert en Gawie in gemeen gehad het, was Velocity, wat haar bes gedoen het om dooierus en *download*, kopskoot en *keyboard*, biltong en *back-up* te laat *zero*, al is dit ook op 300 meter. Daarom het Velocity die aand in die jagkamp haar pa, soos net 'n dogter kan, oorreed om die volgende dag vir Gawie saam te vat jagveld toe. Vir 'n soort van *bonding* soos 'n pa-en-seun-jag. Gawie sê sy skoonpa het lank stilgebly en later iets soos *cool* geprewel.



Maar Gawie weet nou Gert het koeël bedoel.

Jy sou graag wou gehad het Gawie moes mooi, presies verduidelik wat in die jagveld gebeur het, maar jy moes tevrede wees met sy hortende weer-gawe. Hy het kort-kort angsbevange oor sy skouer geloer en benoud opgespring toe die bolwelf skielik weer begin water gooi.

Gawie sê alles het die oggend goed begin. Sy skoonpa het net beduie hy moet verder agtertoe stap, toe die gids en sy skoonpa ewe skielik vassteek en stip na 'n bos kyk. Hy het glo net gevra

of hulle 'n bok sien, sê Gawie, want hy sien dan niks. Dis toe dat die gids omdraai en vir hom beduie om stil te bly. Gawie sê sy skoonpa het niks gesê nie, net sy groot hande om 'n mopanie geslaan en die boom begin wurg.

'n Hele ent verder het sy skoonpa en die gids vinnig afgesak grond toe, daar is beduie en gemik. Hy kon weer niks sien nie en het nader gestap, dis toe dat hy op 'n droë tak trap. Hy het vinnig sy voet opgetel om te wys hy is jammer en met sy een been in die lug bly staan. Sy skoonpa het stadig omgedraai en stip na hom gekyk, soos 'n

skut na 'n ghong kyk. (Jagters maak so.)

Gawie sê hy het vir Velocity se onthalwe besluit om sy man te staan, al is dit op een been. Hy sê sy skoonpa se bril, die lense van die verkyker en die teleskoop het vir hom soos die ses oë van 'n spinnekop gelyk, 'n jagspinnekop, waarvoor hy nog altyd 'n fobie het, maar hy het bly staan, al kramp sy ligbeen. Gawie sê dit was eers toe sy skoonpa se regterduim stadig die geweer se *safe* afdruk dat hy begin hardloop het!

"Waar is ek, Oom en wat gaan nou gebeur?" wou hy uitasem

weet. Omdat die meeste wild-boere nie vertrouwd is met die binneste en die *vitals* van 'n mens nie en meer van 'n eko-loog as 'n psigoloog is, raai jy Gawie aan om die onenigheid tussen hom en sy skoonpa met 'n predikant te bespreek vir die nodige begeleiding. "Maar ek het al probeer," sê Gawie moedeloos. "Ongelukkig het ek, toe ek die afspraak gemaak het, vir die dominee gesê ek wil met hom praat oor 'n jagprobleem."

Toe Gawie die Woensdagmiddag twee-uur voor die pastorie stilhou, het die predikant hom met sy *Sniper-camos* en 'n groen *bandana* om die kop, op die stoep ingewag en gesê: "Welkom in ons midde, broer!"

Die hele predikantswoning was vol bokkoppe en wildsvelle. Gawie sê hy het gedink in die dominee se studeerkamer sou hy sy hart kon oopmaak. Maar dit was duidelik dat die dominee daar besig was met gewere skoonmaak, ammunisie herlaai en tussendeur sy preek vir Sondag voorberei. Gawie sê hy het soos 'n hert in dorre streke gevoel, want net toe hy met sy ontboeseming wou begin, het die herder sy rekenaar aangeskakel en begin foto's wys: "My eerste gemsbok, 1984 op ouderling Willemse se plaas – skoot deur die knoppe, 117.4 meter, 180gr Nosler AccuBond-koeël, 93% retensie." Gawie sê en so het hulle die hele kerkraad en gemeente se plase deurkruis, en met kopskote, bladskote en nekskote, bokke platgetrek tot einde 2019, sonder dat hy 'n woord kon inkry. Onthou altyd, het die dominee gesê, veral as jy begin jag, hou jou asemhaling egalig en druk die sneller, moenie dit trek nie. Dit het later vir hom geklink of die predikant nie huisbesoek doen nie, maar huisboksoek.

(Predikante maak so.)

Toe stel jy maar voor dat Gawie vir berading gaan, 'n desperate poging van jou kant af om te voorkom dat jou plaas se naam om die verkeerde redes prominent op Beeld se voorblad pryk: "Jagtog eindig in bloedige tragedie vir hegte gesin."

(Joernaliste maak so.)




BEWARING IN DIE RICHTERSVELD EN NAMAKWALAND

Die SAJWV neem leiding in die bewaring van sukkulente en ander unieke plante in die droë noordweste van ons land.

Tipiese habitat vir kokerbome en skaars vetplante in die Sukkulente-Karoo.



'n Voorbeeld van 'n vetplantemark in Bangkok waar verskeie van Suid-Afrika se unieke plante verkoop word.



In Suid-Afrika het die woord stroop of *poaching*, sinoniem geword met die slagting van renosters en die onwettige handel in renosterhoring. Weens ingryping deur bewaringsbewustes en die regering het die stropery mooi afgeneem (van 1 215 renosters in 2014 tot 594 in 2019). Dis goeie nuus, maar renosters is nie al wat gestroop word nie. Die onwettige handel in skaars en bedreigde plante en reptiele het geweldig toegeneem oor die laaste dekade. Dis veral 'n groot probleem as dit kom by die unieke en spesiaal aangepaste plante en diere van die semiwoestyngebiede soos die Namakwaland en die Richtersveld.

Tussen April en Desember 2019 was daar 29 hofsake in Namakwaland alleen, waar 48 mense gearrester is en boetes van meer as R4 miljoen opgelê is vir die diefstal en smokkel van skaars en bedreigde plante en reptiele. Die polisie en CapeNature het vroeër die jaar twee Suid-Koreane vasgetrek vir die onwettige versameling van meer as 60 000 *Conophytum*-plante uit die area. Hul is elk met R2.5 miljoen beboet en het 'n opgeskorte vonnis van ses jaar tronkstraf gekry.

Mobilisering op nasionale en internasionale vlak asook die rolprent, *STROOP – Journey into the rhino horn war*, het grootliks gehelp om renosterstropery te bekamp. Ongelukkig word dieselfde fokus nie geplaas op die stropery van sukkulente nie, alhoewel dié onwettige bedryf selfs groter geskat word as die stroop van renosters. Beide die algemene publiek en die regering staan meer apaties teenoor die plantstropery.

LINKS: Van die vetplante in die handel groei uiters stadig. Sommiges minder as 'n sentimeter per jaar. Versameelaars verkies ouer plante met groter vlesige stamme wat honderde jare oud is en uit die natuur kom. Dit beperk die vermoë van Suid-Afrika om die plante op groot skaal te kweek vir uitvoere, om aan die vraag te voorsien.



Carel Oberholtzer oorhandig die gedenkplaat vir die gebou wat deur die Vereniging befonds word, aan Pieter Van Wyk en sy span van die SANParke-kwekery op Sendelingsdrif.



Al die afgevaardigdes wat die bespreking byge-
woon het oor hoe SA Jagters betrokke kan raak by
die bewaring van die sukkulente.

Die SAJWV was en is steeds op verskeie maniere betrokke by bewaring van renosters, maar het nou ook besluit om meer betrokke te raak by die bewaring van skaars en bedreigde plante en meer spesifiek ook by die stryd teen onwettige handel.

Die Vereniging se Namakwa-tak op Springbok in die Noord-Kaap, is in November 2018 gestig en het tans 124 lede. Alhoewel hulle die jongste tak van die Vereniging is, het die klomp Namakwalanders onder die bekwame bestuur van Carel Oberholtzer en sy bestuurspan, bewaringskringe aan die gons met hul positiewe impak in hul omgewing. Karel du Toit, die bewaringskoördineerder, 'n man wat glad nie jag nie, is aan die stuur van die bewaringsinisiatiewe van die tak. As gevolg van sy werk as bevelvoerder van die Veediefstaleenheid op Springbok is hy intens bewus van die aard en omvang van stropery en smokkelhandel in plante en diere in dié omgewing. Hy het die Namakwa-tak oorreed om betrokke te raak en na beraadslaging met my, is daar besluit dat die tak en die Vereniging 'n rol het om te speel in hierdie stryd teen die plantstropery.

Hoewel Suid-Afrika slegs 2% van die wêreld se oppervlak beslaan, het ons 46% van die wêreld se vetplante, waarvan die meeste in die Sukkulente-Karoo- en Nama-Karoogebiede voorkom. Die Sukkulente-Karoo het byvoorbeeld die hoogste plantdiversiteit van enige van

die woestynbiome en is 'n internasionaal erkende sentrum van hoë biodiversiteit.

Ongeveer 40% van die plante in dié streek is endemies, wat beteken hulle kom nêrens anders in die wêreld voor as net hier nie. Daar is egter nog baie min werk gedoen op die diversiteit van plante en diere in die gebied en daar is onlangs nuwe insek-, plant- en spinnekopspe- sies ontdek.

Onoordeelkundige versame- ling uit die natuur kan dus veral hier lei tot uitsterwing van uniek aangepaste spesies wat ons nog nie eens mooi verstaan nie.

As deel van die inisiatief het die Namakwa-tak reeds meer as R100 000 beskikbaar gestel om drie van die parke in die gebied te ondersteun met noodsaak- like bewaringstoerusting. Daar is ook besluit om gedurende Maart 2020 'n werkswinkel aan

te bied by Sendelingsdrif in die Richtersveld Nasionale Park, waarheen bewaringsdepartemen- te van die Wes- en Noord-Kaap, SANParke, SANBI, die Groen Skerpioene, polisieledes van ver- skeie veediefstaleenhede en an- der belanghebbendes uitgenooi is. Die doel was om die priori- teite te identifiseer waar SAJWV betrokke kan raak saam met ander rolspelers, om stropery die hok te slaan en ook om be- waring te bevorder.

Tydens die werkswinkel het verskeie rolspelers aanbiedinge gedoen om die aard en omvang van bewaring en stropery in die gebied uit te lig. Laaiqah Jabar van die Groen Skerpioene het verduidelik hoe groot die inter- nasionale handel in sukkulente plante is en dat astromiese be- drae geld hande wissel. Die rol van die internet in die bevoor- dering van onwettige handel is ook

uitgelig as 'n nuwe terrein waar- aan aandag gegee moet word. Beperkte hulpbronne in bestuur en regulering, asook kundigheid om beskermde plante van die ge- bied te identifiseer, is as wes- like probleme geïdentifiseer vir beide bewaringsorganisasies en die polisie. Dit was ook baie dui- delik dat die mense van die om- gewing nie noodwendig goed ingelig is oor die uniekheid, waarde en die faktore wat die unieke biodiversiteit bedreig nie.

Rolspelers het tydens die be- spreking voortgebou op die belangrikste fokusareas wat in 'n nasionale werkswinkel in Februarie in Kirstenbosch ge- identifiseer is en het spesifieke areas uitgelig waar die Vereni- ging op 'n praktiese wyse be- trokke kan raak. Sommige van die inisiatiewe wat geïdentifi- seer is, sluit die volgende in:

- bewusmaking van die om- »



Die kwekery waar SA Jagters die oprigting van 'n gebou befonds waar gekonfiskeerde plante ge- hou kan word saam met 'n versameling unieke plante wat as genebank kan dien vir die plante van die area. Die konstruksie van die gebou is van so 'n aard dat potte teen die klipmure geplaas kan word wat in verskillende windrigtings front sodat die mikroklimaat van die plante se natuurlike habi- tat nageboots kan word. Die gebou is nog nie voltooi nie maar sal binnekort amptelik geopen word.



- » vang en impak van die stropery van plante en reptiele om groter betrokkenheid te mobiliseer;
- bewusmakingsveldtogte binne die gemeenskap sodat hulle eienaarskap kan neem in die beskerming van hul natuur-erfenis;
- ontwikkeling van inligtingstukke wat grondeienaars, gastehuseienaars, toeroperateurs, myne en lede van die publiek kan help om verdagte optrede te kan identifiseer en wetlike optrede te bespoedig;
- befondsing en ondersteuning van spesifieke bewaringsinisiatiewe;
- opleiding en bemagtiging van rolspelers, ingesluit regeringsamptenare (bewaring; polisie; regsprofessie) om die aard en omvang van die situasie beter te verstaan en om unieke spesies te kan identifiseer;
- die befondsing van 'n streeksgebonde bewaringsmisdaadhulplyn.

Een van die inisiatiewe waarmee die Namakwa-tak reeds begin het, is die befondsing van 'n gebou in die kwekery in die Richtersveld Nasionale Park waar gekonfiskeerde bedreigde plante gehuisves sal word saam met ander voorbeelde van die unieke en skaars plantspesies in die gebied. Dit sal as een van die genebanke dien vir die plantspesies saam met ander kwekerye, met volledige habitat-inligting sodat plante gekweek kan word vir moontlike latere hervestiging.

Pieter van Wyk van SAN-Parke kon nie sy opgewondenheid oor die projek betuel nie. Hy was oorbluf met die hulp wat hulle reeds van Namakwa-tak ontvang het asook die vooruitsigte vir toekomstige samewerking. Positiewe terugvoer het ook ingestroom uit verskeie oorde. Dit het gewissel van, "Ons was nie bewus dat julle sulke bewaringswerk doen nie," tot: "Dis ongelooflik om jagters te sien wat soveel omgee vir die natuur dat hulle in hul vrye tyd



Van die besondere plante wat in die Sukkulente-Karoo voorkom. Foto's: Karel du Toit.

hierdie bewaringswerk doen". Verskeie lede van die publiek asook polisiemanne wou ook weet hoe hulle kan aansluit by die SAJWV.

Ek sien uit daarna om saam met die Namakwalanders en die ander rolspelers skouer aan die wiel te sit om die bewarings-

werk van die Vereniging uit te bou. Bewaring was nog altyd deel van wie ons as die SAJWV is, reeds vanaf ons stigting in 1949. Ek haal my hoed af vir die voorbeeld wat hierdie jong tak stel, nie net vir bewaring nie, maar ook vir die uitbou van die positiewe reputasie van jagters.

WAARNA MOET JY OPLET:


- toeriste met voertuie wat nie plaaslike registrasienommers het nie en wat stadig in die veld en op agterpaaie ry en in die veld stop;
- toeriste wat baie vrae vra oor spesifieke lokaliteite van sekere skaars plante;
- hotelkamers of gastekamers waar daar meer as die normale hoeveelheid vars grond in die stort of op die vloer en asblik is soos wat hulle ontwortelde plante skoonmaak;
- oormatige gebruik van toiletpapier wat gebruik word om plante toe te draai; en
- fisiese teenwoordigheid van plante wat nie in houers is met die naam van die kwekery daarop nie.

WAT MOET JY DOEN:

- lig besoekers in dat hulle nie plante uit die veld mag versamel sonder 'n permit nie;
- indien verdagte optrede opgemerk word, moet nie die persone konfronteer nie;
- kry inligting soos die motor se registrasie en handelsmerk, lokaliteit, beskrywing van die persone en hul aktiwiteite – neem foto's indien moontlik;
- skakel die naaste polisie-stasie/veediefstaleenheid van die polisie. ☎

NG Moedergemeente Delmas

Tel: 082 524 8041 | E-pos: potgietercp@telkomsa.net



Een van twee jagpakkette ter waarde van R30 000
vir slegs **R200**

Pakket 1

3 Rooibokramme
1 Blouwildebeesbul
1 Koedoebul
1 Waterbokkoei
5 x Nagte verblyf (selfsorg)

Pakket 2

5 Rooibokramme
1 Blouwildebeesbul
2 Koedoekoeie
1 Waterbokkoei
1 Gemsbok
5 x Nagte verblyf (selfsorg)

Sluitingsdatum is 3 Mei 2020
Trekking: 17 Mei 2020 na die Erediens

Die jag sal om of in die Julie-vakansie wees.

Vraag: In watter distrik is die jagplaas geleë?

Reëls:

1. Kaartjies vir die jag beloop R200 per inskrywing – inskrywings is onbeperk.
2. Die beslissing na die trekking op 17 Mei 2020 is finaal en geen korrespondensie sal gevoer word nie.
3. Geen pakket sal vir kontant geruil word nie.
4. Die wenner moet op eie onkoste by die jagplaas kom en terug.
5. Wild wat in die vier dae nie gejag word nie, is nie oordraagbaar nie.
6. Gekwete bokke wat nie gevind word nie, sal die pryswenner se verlies wees. Die PH en gidse sal als in hul vermoë doen om gekwete diere te probeer kry.
7. Slegs twee jagters op 'n slag sal in die jagveld toegelaat word.
8. Die wenner sal na die trekking gekontak word.
9. Die plaas lê 30km oos van Musina. Die noordelike grens lê vir 6km teen die Limpopo en die suid-oostelike grens is die Njelele-rivier waarlangs die kamp geleë is.
10. Die kamp is boomryk met 'n swembad, drie chalets met lugreëling, braai-plek en 'n dek langs die rivier.
11. Kombuis is ten volle toegerus met yskas, vrieskas en koelkamer. Sitkamer en genoeg stoele by braai-area.
12. Verblyf vir ses persone. Beddegoed en handdoeke is beskikbaar.
13. Fooie vir gidse, slagters en bediendes sal deur die eienaar gedra word.

Skryf in deur soveel
R200-kaartjie/s te koop
as wat jy wil en deur die
geld in die volgende se
bankrekening in te betaal
met jou
SELNOMMER – NAAM
as jou verwysing.

BANKBESONDERHEDE:
NG Moedergemeente
Delmas
ABSA-BANK
TAK-NO: 632005
REK-NO: 850590044

la.va®

VACUUM PACKAGING

Kwaliteit ingevoerde vakuumpakkingsmasjiene
en vleisverwerkingstoerusting
Tweejaarwaarborg.



SA JAGTERSLEDE MET BEWYS VAN LIDMAATSKAP KRY

- 5%-AFSLAG OP MASJIENE
- 10%-AFSLAG OP SAKKIES

Besoek ons aanlynwinkel by www.lava-sa.co.za

E-pos: info@lava-sa.co.za | anneke@lava-sa.co.za

Sel: 072 160 5556




*Be one of the lucky few individuals, to hunt on
this amazing 27 000 hectares reserve.*

- Abundant game, astonishing sunsets.
- A true diamond in the Bushveld.
- We book **corporate groups** of minimum six hunters and three nights minimum stay.

Contact Michelle vd Merwe

Tel: 073-574-8818 | E-mail: michelle@zingela-reserves.com
www.zingelalimpoposafaris.com | [f](https://www.facebook.com/ZingelaLimpopoSafaris) Zingela Limpopo Safaris



BLITZ BLADE SHARPENER

Any blade super sharp
in a *Blitz!*

0823761835
mooiblitz@gmail.com
www.blitzblade.co.za

Includes 2 belts

BOKSPOG

Stuur jou jagfoto's na: jagbydraes@media24.com.

WENFOTO



JOHAN HENDRICKS, ALLDAYS, LIMPOPO. Gemsbokbul, Mauser, 7x57, 162gr Hornady InterLock, 80m.



Die wenner van dié maand se Bokspog sal 'n *Shadows Duffle Bag* en *Shadows Colour Block Shirt* ter waarde van R995 van Sniper Africa wen. Vir meer besonderhede en om jou prys te reël kontak **Sniper by 0861-764-737**.



NADINE MEIRING, HARRISMITH, VRYSTAAT. Rooi lechwe, Ruger, .308, 120m.



KYLA BOTES, VONDELING, NOORDWES. Rooibok, Musgrave, .30-06, 200m.



JUNÉ ETSEBETH, STEENBOKPAN, LIMPOPO. Rooibok, 7x57, 175gr Claw.



CHRISTO KEMP, ADDO, OOS-KAAP. Vlakvark, Howa .270 Winchester, 150gr, 38m.



MORNÉ JOUBERT, STEYNSBURG, OOS-KAAP. Takbok, .30-06, 150gr PMP, 165m.




HANANJA JORDAAN EN PIET MOTHUPI (VELDGIDS). THABAZIMBI, LIMPOPO. Rooibok, Remington, .243 Win, 100gr, 80m.



MANIE DE KLERK, VENTERSDORP, NOORDWES. Elandkoei, 7x57, 150gr Hornady ELD-X, 169m.



LOURIE FERREIRA, SCHWEIZER-RENEKE, NOORDWES. Rooihartbees, Vector, .30-06, 200gr Nosler, 80m.



DANIE PRINSLOO, RUST DE WINTER, GAUTENG. Kameelperdbul, CZ 550 Lux, .375 H&H, 90m, 300gr Sako Twinhead II A-frame.



BRIAN BAINES, BRACKKLOOF, OOS-KAAP. Vlakvark, 7mm Rem Mag, 162gr Hornady SST.



ABOVE: Rudi with his brace of greywing shot over Zingela – Pure Hunt Africa's English pointer. **LEFT:** Mike Zingle and a brace of greywing shot over Wilbur – Pure Hunt Africa's English pointer. **MAIN PHOTO:** Going after a brace of birds in high country.

THE MACNAB – TO BE OR TABOO?

The challenge to bag a buck and a bird, and catch a fish
between sunrise and sunset of the same day

I must point out that the format of the Macnab has changed considerably since its first introduction to South Africa. As many may know, the so-called Macnab derived from a novel written by John Buchan in 1925 about a Scottish poacher, John Macnab. It is often said that the novel is “a required read for any sportsman worth his powder”. Today the Macnab is quite a popular sporting challenge worldwide and has inspired many a hunter to try it at least once. In 2019, the shotgun and rifle manufacturer Blaser, sponsored the Field Macnab Challenge in Scotland.





ABOVE: Rudi Campbell shot this mountain reedbuck on his second Macnab – he completed his first one some 10 years earlier. **RIGHT:** Mike Zingle with a mountain reedbuck taken during his Macnab.



The acceptable definition for a Macnab as it stands today is to shoot a free-ranging buck, catch a game fish and bag a brace of game birds all in one day during legal shooting hours. All animals must be taken ethically and in the spirit of the sport.

Since an article about a Macnab was published in *Magnum* magazine in 2001, many experienced local hunters have seen it as a new challenge to tackle. There are several local Macnabs offered every year. Those that I know of are the Piet Retief Macnab, Jozini Macnab, Dullstroom Macnab, Vaal River Macnab and the Royal Macnab in Lady Grey.

VERSIONS OF MACNAB

Interesting versions of Macnab are offered in other countries. Here are a few: To complete the Macmarsh hunters are required to shoot a foreshore goose, a fallow buck and catch a pike. The Macscandi requires of you to shoot a moose, a capercaillie and catch a trout on a fly within 24 hours, while the animals for the Southern Macnab are a couple of snipe, a sea trout and a roe buck. Varmint hunters are not forgotten. To complete the Macvermin you must shoot a rat, a brace of magpies and catch a

chalk stream pike. For the Macargentinian (also known as the Northern Argentinian Macnab) you have to catch a golden dorado, shoot one hundred doves and a wild pig. Then there is the Maccharlie which requires riding to foxhounds, harriers and also staghounds.

Africa is also remembered, and to complete the Macafrican you need to take a brace of sandgrouse, an impala and a tigerfish. For the Corinthian Macnab hunters ride to hounds in the morning, shoot a brace of partridges in the afternoon and then catch a trout on a fly. Last but not least, the Macnorfolk requires taking a bass on a fly, a brace of wild grey partridges and a fallow buck.

HOW TO APPROACH IT

Time waits for nobody and it plays an important role during most hunting expeditions. How often do we hear a hunter complain that the last day of his hunt has arrived and he has not yet been able to fill his quota. It is therefore vital to prepare very well when you tackle a Macnab. Getting an early start is very important.

To take on the Macnab challenge requires a special type of expertise – it's a sporting accomplishment that will delight those who are bored by normal hunting. Being fit will be a benefit; you also need to know your way around a hunting rifle, shotguns and fly-fishing. This is

an opportunity to test yourself and your skills, you are in competition with yourself. It is putting skill and endurance against the clock and some unpredictable quarries.

In the Eastern Cape where the local Macnabs all started, the obvious quarries would be a vaal rhebuck, a brown or rainbow trout and a greywing partridge. With all the game farms today, it might be difficult to find free-ranging vaal rhebuck. When trout season is closed for spawning, fishing in dams is allowed. In the mountains around the small village of Rhodes the Macnab not only challenges you to take three species in one day but you face kilometres of high-altitude walking and stalking (8 000 to 10 000 feet above sea level), often in sub-zero temperatures. The day is a mixture of anticipation, excitement and pure exhaustion. A phrase in Buchan's novel sums it up: "You've got to rediscover the comforts of life by losing them for a little".

As the concept of the Macnab grew in popularity, enquiries came from all over the country and professional hunters tried their best to accommodate their clients in the surround- »

Mountains such as these can pose a challenge when trying to complete a Macnab.



» ings where they chose to hunt. In one case a buffalo, a carp and a goose were bagged. Sadly, in some cases animals that live in small enclosures are taken which is not the way it should be done. Professional hunters who know the “rules” or requirements for a Macnab are not always present and farmers themselves often act as guides. This has resulted in taking shortcuts and bending the “rules” which is not in the spirit of the Macnab.

Basic Macnab rules include

that you may not shoot a buck from a vehicle, the brace of grey-wing must be shot on the wing with a shotgun and fly-fishing tackle must be used to catch the trout. Some people are adamant that you are not allowed to use a pointer to flush out a covey of partridges. Unfortunately, the rules have over time been watered down to unacceptable standards, all to keep clients happy.

WHAT DO THE PEOPLE THINK?

In order to roughly determine

how popular the Macnab is with our local people and hunters, I did a survey on the subject. Three different opinions surfaced: Some (the minority) were against the competition aspect, as well as the restricted time, which they felt was not in the true spirit of hunting. The second group did not know enough to form an opinion while the rest all favoured the Macnab idea.

I then contacted nine professional hunters, of which only one was strongly opposed to the Macnab mainly because of its competitive nature and he felt it was not in the true spirit of hunting. Another saw it as a challenge that should be taken up at least once in a hunter's lifetime, while another said it would be an accomplishment for a hunter to achieve this on his own or as part of a group. A lady hunter thought it was a very interesting concept and that there is certainly a place for it. The gun shops (owners and personnel) I approached were all in favour of the Macnab, some have partaken in it a number of times, describing it as a

lovely concept that adds value to the sport. To find out what the younger generation thought of the Macnab, I questioned a group of 22 matric students in East London. None of them had ever heard of the Macnab challenge, although some have hunted antelope before.

The Macnab is like any other hunt or sport that you partake in – follow the rules, be ethical and most of all enjoy the experience. Any bad or illegal hunting practices (shooting at night with spotlights, cage hunting, etc) give the sport a bad name. This has a huge influence on how the public sees hunting and the reason why so many people condemn all forms of hunting. May it be that for similar reasons to this, some are opposed to the Macnab? It is up to our hunters to uphold the good name of the sport.

When you do have the privilege to one day take up the Macnab challenge, you will most certainly know at the end of the day that you have been tested... if you have been conquered or if you are the conqueror. 🎯



INSERT: Mountain ice in winter.

Mike Zingle completing his Macnab with a wild river trout.



HOE KONSTANT IS INGEVOERDE DRYFMIDDELS?

VRAAG:

Behoort ek ook ladingaanpassings tussen verskillende lotnommers van dieselfde kruit van oorsese dryfmiddelvervaardigers te doen, of kan ek aanvaar, byvoorbeeld, dat een blik VihtaVuori N550 of Hodgdon 4350 dieselfde gaan presteer as 'n vorige lot waarmee ek ladingontwikkeling gedoen het?

KASSIE SE KOMMENTAAR:

Ons het gewoon geraak daaraan dat Somchem-dryfmiddels in opeenvolgende lotte vervaardig word en dan met lotnommers verpak word. Somchem dui ook op die blikkie dryfmiddel die volgende aan: vervaardigingsdatum, vervaldatum en die persentasie wat die dryfmiddel se prestasie afwyk van die standaard vir dié tipe dryfmiddel. Hierdie inligting word dan deur kundige herlaaiers gebruik om hul proefladings uit te werk. Ten spyte van al die beskikbare hulpmiddels, moet die lading/koeëlkombinasie dan steeds fisies afgevuur word om die werklike prestasie uit 'n spesifieke geweer te bepaal, sodat aanpassings aan die lading gedoen kan word om sodoende die skietresultaat weer soos

tevore te laat presteer.

Toe die ingevoerde dryfmiddels beskikbaar raak, het herlaaiers gehoop dat hierdie verskynsel iets van die verlede sou wees, maar dis ongelukkig nie die geval nie. Die beste praktyk is steeds om vir elke nuwe lot kruit wat jy gebruik eers toetse te doen en die lading/koeëlkombinasie se spoed te meet. Moenie aanneem dat die brandspoed van die verskillende lotnommers presies dieselfde sal wees nie.

Ofskoon kruitvervaardigers alles in hulle vermoë doen om die verskillende lotte dieselfde te laat presteer, beduiwel die variasies in die grondstowwe hierdie pogings. Gevolglik is dit volgens protokol aanvaarbaar dat daar afwykings tussen verskillende lotte mag wees. Bronne wil dit hê dat tot soveel as 3% afwyking van die gestelde standaard toegelaat word. Ongelukkig dui oorsese vervaardigers nie die persentasie afwykings op hulle kruitblikke aan nie.

My eie ervaring met 'n .308 Winchester? Dit het perfek geskiet met 'n blik hoog aangeskrewe, ingevoerde kruit waarmee die lading ontwikkel is. Toe ek 'n

nuwe blik van dieselfde soort gebruik, met dieselfde lading, moes die lading met 1gr verhoog word om weer dieselfde spoed en akkuraatheid te verkry. Ek het dieselfde met verskeie van die ingevoerde kruitsoorte in mindere of meerdere mate ervaar. As dit dan die ervaring is, wat kan ons daaromtrent doen?

DIE METODE WAT EK VOLG:

Moenie blikke kruit van dieselfde soort met mekaar meng nie. Kruit is 'n vaste stof en meng nie so eweredig soos vloeistowwe nie. Niemand kan dus verseker dat ewe veel van elke blik in 'n doppie gelaai word nie, gevolglik kan die herlaai nie deur ladingwisselings ooit by 'n konstante resultaat uitkom nie, omdat die kruitsamestelling binne die verskillende doppies dan nie eweredig verdeel is nie.

As 'n lading met 'n vorige blik kruit baie goed presteer het, is dit uiters belangrik dat die spoed waarteen die kruit goed gewerk het, aangeteken word. Ek laai daarna drie patrone met dieselfde lading (wat goed gewerk het uit die vorige blik) uit die nuwe blik en skiet die drie patrone oor die chronograaf wat

ek altyd gebruik. Indien die nuwe kruit dieselfde spoed of baie naby aan dieselfde spoed gee as die vorige kruit, gebruik ek dieselfde lading vir die nuwe blik kruit. Indien die gemiddelde spoed egter (volgens my behoefte) met meer as 15vps van die vorige spoed afwyk, gebruik ek die TL Faktor-formule, doen 'n eenvoudige liniêre berekening en pas die lading aan.

DIE BEREKENING WERK SO:

Deel die lading wat jy gebruik het deur die spoed wat jy met die nuwe kruit gemeet het, en vermenigvuldig dit dan met die spoed wat jy behoort te hê. Die antwoord is dan 'n aanduiding van wat jy moet laai.

Onthou altyd die veiligheidsreël: Laai altyd liever effens minder vir jou bevestigende ladingtoets, veral as jy die lading opwaarts moet aanpas. Ek weet dit is moeite, maar as jy ernstig is oor jou wapen se akkurate skietvermoë en wapenveiligheid, sal jy dit so doen.

* Kassie kan gekontak word by Dave Sheer, Pretoria Arms se fasiliteit in Montana, Pretoria, Tel 010-300-1222, of per e-pos by load@pretoriaarms.com

NEXT LEVEL *BARREL* *TUNER-KNALDEMPEM*

Met dié knaldemper kan jy jou geweerloop met die koeëls wat jy skiet laat harmonieer.



Toe ek die eerste keer hoor van dié nuwe katoeter voor aan Next Level se nuutste knaldempers, moes ek eenvoudig net een hê om te toets (die goeie Afrikaans vir *barrel tuner* sal seker loop-harmonieerder wees, maar aangesien min mense sal weet waarvan ek praat, hou ek maar by die Engelse naam).

Nicol Brand van Next Level-dempers het vir my so 'n *barrel tuner* gestuur om te toets asook verskillende gepaste moere sodat ek die demper op verskillende gewere kan pas en toets. Daar was ook 'n ekstra stel skotte (*baffles*) vir groter kalibers, 'n loopwip-tromprem en 'n sleutel om die demper mee te verstel en uitmekaar te haal. Ook ingesluit was 'n kort *expansion chamber* om 'n korter demper te

bou en 'n spesiale skoonmaak-middel vir die demper.

Maar wat vir 'n ding is 'n *barrel tuner*? In kort is dit 'n apparaat waarmee jy die loop se natuurlike vibrasies of ossilasie

kan manipuleer om 'n beter groepering te kry. *Benchrest*-skuts, veral dié wat *.22LR-benchrest* skiet, is nogal lief om dit te gebruik. Nicol het iets soortgelyks in sy knaldempers begin

inbou. Dit werk deurdat jy die gewig in die demper vorentoe en agtertoe kan skuif deur die middelste hegskot en voorste opskroefdop (*cap*) in en uit te skroef.



HOOFFOTO BO: Armand skiet met sy .303 met die "*muzzle jump brake*" aan die knaldemper.

LINKS: Van links na regs, Next Level volgrootte demper; kort *expansion chamber*; Next Level se skoonmaakolie; verskeie loopmoere; *muzzle jump braker* en spesiale moersleutel.



Next Level se volgrootte demper aan 'n geweer geskroef.

TOETS DEMPER OP GEWERE

Ek het besluit om die demper op meer as een geweer te toets om te sien of daar 'n verskil in akkuraatheid is tussen dun- en dikloop-gewere. Die gewere waarop ek besluit het, was my Brno .22 Hornet, Krico .222 Rem en my Tikka .30-06 Ackley. Al drie dié gewere groepeer goed met die regte kruit/koeël-kombinasie. Ek het ook besluit om fabrieksammunisie te gebruik om sover as moontlik veranderlikes uit te skakel en sodat niemand kan sê dat ek die lading aangepas het om resultate met die demper te verseker nie. Ek het Sellier & Bellot-ammunisie gekies omdat dit geredelik beskikbaar is en goeie kwaliteit is. Ek kon ongelukkig nie hierdie ammunisie vir die .30-06 kry nie – al wat beskikbaar was, was Remington Core-Lokt.

Volledige instruksies word saam met die dempers voorsien oor hoe om dit uitmekaar te haal en te verstel. Nicol beveel aan dat jy die voorste sluitmoer uitdraai tot in die helfte van die

verstelspektrum en dan van daar af in- of uitstel, afhangend van hoe die geweer groepeer. Raak die groepering groter, draai jy net die moer in die teenoorgestelde rigting tot die groepering krimp. Wel, dis die teorie.


Ek het met die .22 Hornet begin. Die wind het effe gepla en dit moeilik gemaak om die ligte geweertjie stil te hou. Na

'n paar verstellings kon ek 'n goeie groepering skiet. Ek het ongelukkig met een groep die derde skoot getrek en toe 'n vierde geskiet, wat dus 'n mooi drieskoot-groepering tot gevolg gehad het.


Met die .222 het dinge effe anders verloop en ek het gesukkel om die demper mooi in te stel. Ek kon wel sien dat die

demper die loopvibrasies verander, want die trefpunt het op 'n stadium heeltemal na regs geskuif. Ongelukkig was my ammunisie later op, maar ek glo met meer eksperimente sou 'n mens die .222 mooi kon *tune*.

Met die .30-06 AI het dinge persies verloop soos die boek sê. Die eerste groep was so 40mm groot en na die verstelling het dit duidelik gekrimp. Na die derde verstelling kon ek 'n groepering van onder 25mm skiet op 100m. Om seker te maak dit was nie 'n geluiskoot nie, het ek nog 'n groepering geskiet en dit het ook rondom 25mm gemeet. Daarna het ek die *barrel tuner* heeltemal uitgedraai en 'n groepering geskiet. Dit het onge-»



Só lyk die resultate wat ek met die *barrel tuner* behaal het met my .222.




En hierdie was die resultate met my .30-06.

» veer 50mm gemeet en vir my bevestig dat dié katoeter werk.

In my vorige artikel oor Next Level-dempers het ek kritiek gelewer oor die metaal waarvan die middelste hegskot gemaak is. Ek het die skroefdraad seer-gemaak toe ek die demper uit-mekaar wou draai. Die hegskot is steeds van alluminium, maar nou voorsien Nico 'n sleutel wat presies in die gleuf van die skot pas. Ek het die hegskot al heel-wat vas- en losgedraai en daar is nog geen skade aan die skroef-draad nie.

TOETS DIE LOOPWIPBREKER

Volgende het ek die "Muzzle Jump Braker" getoets. Hierdie katoeter is veronderstel om loopwip te beperk. Dit is net 'n standaardskot wat jy indraai waarin daar gaatjies reg rondom geboor is en wat van "grub screws" voorsien is. Jy draai eenvoudig die boonste helfte se skroefies uit en maak seker dat die onderste skroefies goed vas is. Ek het besluit om die "jump braker" op my kortloop-.303 te toets wat met 200gr Capstan-koeëls nogal parmantig skop. Om te verhoed dat die terug-skop deur 'n skietrus beïnvloed word, het ek vanuit die staanposisie geskiet. Terwyl ek geskiet het, het ek video's gemaak van elke skoot wat ek met die verskillende verstellings van die jump braker geskiet het. Vir my het dit nie gevoel of dié appa-



Met die .22 Hornet het die barrel tuner beslis sy kant gebring.

raat enige werklike verskil maak nie, maar die video's het die teendeel bewys. Ek het nie foto's om te wys nie maar daar was ver-seker 'n verskil in die loopwip, met al die skroefies ingedraai en toe met die boonste helfte uitge-draai en onderste ingedraai (die verstelling wat dan die loopwip moet verminder).

Om af te sluit, moet ek sê dat ek maar effens skepties was oor die barrel tuner se vermoë om

gewere beter te laat groepeer. Ek kan egter nie stry teen die resultate op die teiken nie en is nou redelik oortuig dat dit wel effektief kan werk. Tog dink ek dat meer eksperimente nodig is om 'n duideliker prentjie te kry. In sommige gewere gaan dit beter werk as in ander. Ek dink ook dat kaliber en loopdikte sal bepaal hoe groot jou verstellings gaan wees. Met die .222 Rem dink ek dat ek dalk kleiner ver-

stellings moes gemaak het.

Ek het die demper oor 'n tyd-perk van ses maande getoets en oor die 300 patrone daardeur gejaag sonder enige haakplekke. Die knaldempers van Next Level is baie goed afgewerk. Elke demper word ook vooraf op 'n waggelmeter gedraai om 100% seker te maak dit is reguit.

UNIEKE FUNKSIES

Daar is ander fabrikate wat stiller is as die Next Level-demper, maar wat hierdie produk uniek maak, is die funksie om die loop te laat harmonieer met die ammunisie wat jy gebruik. Ek weet van geen ander demper met dié funksie nie. Waarvan ek ook baie hou, is dat jy een demper op al jou gewere kan gebruik deur slegs die skotte en loopmoere te vervang. Nicol het my ook vertel dat hulle besig is met 'n refleks-passtuk waarmee jy jou standaard-Next Level-demper kan varander na 'n refleksdemper toe.

Oor die algemeen is ek baie beïndruk met Next Level se produkte. Die dempers verhandel teen R3 000 stuk en kan direk by Nicol bestel word.

* Kontak hom by 081-237-5007, e-pos info@nl-silencers.co.za of besoek die webwerf by www.nl-silencers.co.za

Ek wil vir PD Jacobs van PDN Jacobs Wapens & Ammunisie bedank wat die ammunisie teen kosprys aan my verskaf het.

MagnetoSpeed

FISHERS SHOOTERS

Wholesale & Retail
018-632-1293
marlene@fishers.co.za

ARMTEC SYNTHETIC STOCKS

P. O. Box 20481, Noordbrug, 2522 (Potchefstroom)
Chris 082 853 7134, Office (Daleen) 083 531 5860
Fax 0866 284 893 • www.armtec.co.za


Manufactured from multi-layered fibreglass cloth, laminated under pressure and filled with hi-tech composite materials. Finished in non-slip, chip-resistant epoxy coating. Available for Lee-Enfield, P14 and Brno.

Custom-built stocks for all other makes.

S Q V R F F J R Q Q Z F J W J C O Y N Q R
 W R O O I B E K K A K E L A A R X Z M S E
 A O O S Y O D R Y J M M Z Y X A E H J G W
 R O O I B E K N E U S H O R I N G V O E L
 T I D Q U T W P S M Z R R I R E T U M B W
 K B I I F E K N N U S H G R I N G V O E V
 O E O H F Q K P V B F V R Z B S X S D J E
 P K I Y E B O S V E L D V I S V A N G E R
 W K G F L V G H E R T X P K Z E F O X N F
 I W J N W E F Z A N I E P V L H N C A Y U
 E E Y B E P L E M Z O H Y D W C J U F M B
 L L T J W Y H E U H O S V O Q A X E Y T B
 E E E P E X B A W Q Q I T N X P A W R A V
 W A T Y R Q F I R K S D X E B I Y M M Y Q
 A X Y O B F S J J V K J F J R K O E E A O
 A O R O O I B E K R E N O S T E R V O E L
 L I X Z J T L N I M Z I B L K M O X M Z B

ANTWOORDE

AANTAL BOSLUISE OP DIE BUFFEL: 11



Adverteer in / Advertise in

JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
HUNTER

Jacques Boshoff Tel: 012-485-9357 | Sel: 079-528-8793 | jacques.boshoff@media24.com
 Rina Hattingh Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | rina.hattingh@landbou.com
 Ronnie Robbertze Tel: 012-485-9397 | Sel: 072-223-0533 | ronnie.robberze@media24.com

Ek het hierdie vark op 35m geskiet waar hy in 'n modderpoel gelê het. Die vark het steeds die snaar hoor klap en opgespring. Gelukkig het ek dit verwag en hoog op sy lyf gemik. Toe hy dus opspring het die pyl beide sy longe deurboor.

'n Vlakvark is eintlik maar 'n lelike ding as jy hom mooi bekyk. Tog het dié dier 'n bekoring van sy eie en is hulle gesog onder die meeste jagters. Vlakvarke is geharde diere en kom byna regoor Suid-Afrika voor. Elke boogjagter weet ook vlakvarke is berugte snaarspringers.

“Snaarspring” is nie 'n bekende term onder geweerjagters nie, omdat 'n koeël uit 'n geweer soveel vinniger beweeg as 'n pyl uit 'n boog. Elke boogjagter met 'n bietjie ervaring weet egter presies wat dié woord beteken.

VINNIGE VARKE

My eerste ervaring met vlakvarke en snaarspring was bykans twee dekades gelede. Ek was besig om te voet te jag op 'n plaas naby Hoedspruit toe ek 'n vlakvark naby my in die grond hoor woel. Die dier was op sy knieë besig om vir iets in die grond te grawe. Ek was ongeveer 14 treë weg en agter 'n bos verskuil. Met 'n pyl aan my langboog se snaar gehaak, het ek intens op 'n kolletjie op die dier se

SNAARSPRINGERS

Vermy dié snaarspringers as jy 'n onervare boogskut is.

Beginner-boogjagters moet liefste nie 'n vlakvark as hul eerste dier jag nie. Hierdie diere het onsettende vinnige reaksies en is bekend as “snaarspringers” van formaat.



Hierdie is die eerste vark wat ek met 'n tradisionele gekurfde boog geskiet kon kry. Sulke boë se pyle is stadiger as kragboë s'n so jy moet baie naby aan die dier wees voordat jy skiet.



'n Pragtige trofee-vlakvark. Sy tande het 13 $\frac{5}{8}$ " gemeet.

enjinkamer gefokus en die boog versigtig gespan. Die pyl het byna geluidloos gevlieg... maar die dier heeltemal gemis. Voor die pyl kon tref, het die vlakvark uit sy pad gespring en stertjie in die lug die bos in verdwyn.

Ek het die pyl gekry waar dit in 'n boomstam gepen het. Die hoogte daarvan het my oortuig dat my skoot akkuraat gemik was, maar dat die vark die boog-snaar hoor klap het en toe vinnig weggespring het. Die aand in die jagkamp het 'n meer ervare boogjagter net geglimlag toe ek my verhaal vertel en gesê: "Nou weet jy ook wat snaarspring beteken!"

Op 'n plaas naby Roedtan het bykans dieselfde gebeur. Ek het skuiling ingeneem agter 'n bos en gewag vir iets om in die wildspaadjie afgestap te kom. Verskeie paadjies het by dié een aangesluit en dit was duidelik deurtrap van spore van verskeie boksoorte. Ek het geweet, dat indien ek lank genoeg stil sit en wag, ek my kans sou kry.

Ek het seker so 'n uur gewag toe ek 'n paar snorkgeluide hoor. Dit was twee vlakvarke wat met die paadjie aangestap gekom het. Ek was seker 12 na 15 treë van die paadjie af (en gelukkig onderkant die wind). Sou ek té naby skuil, kon die diere my sien of hoor beweeg wanneer ek die boog span. Was

'n kol so drie duim bo die vark se elmboog en die pyl laat vlieg. Die houtpyl met sy 125gr Zwick-jagpunt vooraan, het egter baie netjies in die stof geplons, opgeskiet en êrens in die gras verdwyn. Die varke was reeds weg toe die pyl die punt bereik waar ek al in my geestesoog gesien het hoe dit die vark net-

Dis noodsaaklik om al jou toerusting met die reukweerder te bespuit voor jy die veld in stap.

ek verder, het ek 'n kans gewaag met die tradisionele boog. Ek was seker van my vermoë om tot so ver as 17 treë akkuraat met dié boog te kan skiet.

Varke het sekerlik 'n sesde sintuig, want hulle het elke nou en dan gestop, die lug gesnuif en dan weer aangestap. Toe hulle binne skootafstand stop, was ek gereed met 'n pyl reeds aan die snaar gehaak. Met die boog gespan, het ek gekonsentreer op

jies in die hart tref! Ek het 'n gekurfde boog met 'n trekkrag van 60lb gebruik en 'n houtpyl van 650gr. Die pyl se spoed was ongeveer 183vps.

Ek het al 'n hele klompie vlakvarke met 'n kragboog geskiet, maar altyd van so naby as moontlik, want ek het gou geleer hoe blitsig dié diere se reaksie is. Selfs met 'n kragboog skiet ek nie graag oor 'n afstand van meer as 22m na dié diere nie.

En ook nie na rooibokke, springbokke of duikers nie. Hierdie bokke spring ook baie maklik die snaar – veral 'n duiker. Wanneer jy dus met 'n tradisionele boog jag, moet jy nog meer versigtig wees en nog nader aan die diere probeer kom.

REUK EN WINDRIGTING

Terwyl ek eendag vir vlakvarke gewag het, het 'n duiker baie naby aan my gekom. Ek was baie verbaas, omdat die wind van my af na die duiker se kant toe gewaai het. Wanneer ek in die veld loop, soek ek 'n taren-taalveer en maak dit dan met 'n garingdraadjie aan die boonste deel van my boog vas. As die wind waai, dui die veertjie vir my die windrigting aan. Die veertjie het in die rigting van die duiker gewaai en hy moes my eintlik geruik het. Ek wou nie die dier skiet nie en het hom laat gaan. My vermoede is dat hy my nie geruik het nie omdat ek myself kort tevore met tuisgemaakte reukweerder bespuit het. Ek »



Rooibokke asook ander kleiner boksoorte soos die springbok en duiker het baie vinnige reaksies en is berugte snaarspringers. Maak seker die bok is rustig, onbewus van jou en indien moontlik skiet eers as die dier weg van jou af kyk. (Foto: Koos Barnard)

» het my hele lyf, boog, hoed, my skoene, koker en my jagsak daarmee bespuit. My afleiding is dus dat dié mengsel werk.

Reuk is gewis 'n jagter se grootste probleem wanneer daar te voet gejag word. Die beste raad daarvoor is natuurlik om te sorg dat jy teen die wind in jag. Om reuk te probeer verdoesel is volgens baie ervare jagters bykans onmoontlik. Meer ervare jagters as ek het my egter die volgende raad gegee en dalk kan dit op 'n spesifieke dag tog 'n verskil maak: Gebruik reuklose seep om jou lyf en hare mee te was en bespuit dan jou hele lyf en alles wat jy saam met jou dra met 'n reuk-neutraliseerder. Een van die produkte wat tans verkoop word, is No-Scent. Was jouself vroegoggend voor jy die veld instap van kop tot tone. Fokus op die hare, onder jou arms en ook die voete. Dit help nogal baie indien 'n jagter se hare lekker kort gesny is.

Gebruik koeksoda om jou tande mee te borsel en borsel ook jou tong goed. Koeksoda is bekend daarvoor dat dit reuke

neutraliseer. Hou jou voete vir 10 tot 15 minute in 'n bak met verdunde bleikmiddel (Jik) en besproei dit dan met 'n reukneutraliseerder.

Gebruik 'n reuklose deodorant om sweet te verminder en om te keer dat bakterieë jou sweet verander in die reuk wat jou vrou so min van hou. Ont-hou om elke dag ander onderklere aan te trek.

Dis noodsaaklik om al jou toerusting met die reukweerder te bespuit voor jy die veld in stap. Dit sluit die boog, die koker en die jagsak in. Die jagsak moet ook vooraf met reuklose seep gewas en in 'n plastieksak weggepak word.

Jy kan jou eie reukweerder maak. Die reukweerder wat ek gebruik word sō gemaak: Meng twee liter water met een liter waterstofperoksied. Dis die goed waarmee sommige dames hul hare bleik. Gooi 'n koppie koeksoda by asook een ons (*ounce*) fyngerasperde reuklose seep. Meng dit totdat alles opgelos is. Los die mengsel dan in 'n oop houer vir twee dae sodat die

chemiese reaksie kan plaasvind. Wanneer dit in die permanente houer geplaas word, moet die prop effe losgemaak word sodat die gasse wat ontwikkel, kan ontsnap. Maak net seker dat die houer nie lek nie.

DUIKER ONTDUIK DIE PYLE

Op 'n keer het ek in die Noord-Vrystaat gejag. Die kamp was op 'n plato met 'n uitsig oor 'n vallei. Terwyl ek van bo na onder beweeg het, het ek 'n duiker sien nader kom. Die dier het my nie gesien nie en ek het roerloos bly staan totdat die bokkie omtrent 15 treë van my af was. Ek het die boog versigtig gespan en geskiet, maar teen die tyd dat die pyl die plek bereik het waar die bok gestaan het, was hy seker al in Lesotho. Dit was die laaste keer dat ek probeer het om dié boksoort met my tradisionele houtboog te skiet – veral met 'n swaar houtpyl.

Deesdae skiet ek 'n baie vinniger gekurfde boog met ligter koolstofpyle. My kragboog sal gewis ook vinnig genoeg skiet om 'n duiker plat te trek. Die

houtboog waarmee ek die duiker probeer skiet het, het die pyl teen ongeveer 187vps gelanseer. My nuwe gekurfde boog skiet 'n 500gr-pyl teen meer as 200vps en my Mathews Triax-kragboog lanseer pyle teen meer as 300vps.

Op 'n keer het ek springbokke bekruip in die Molopo. Ek moes my lyf laer hou as die lang gras, sodat die diere my nie sien nie. Tot vandag toe sit daar nog 'n knoppie op my knie waar 'n doring ingestek en toe afgebreek het.

Ek het tot ongeveer 25 treë van die een springbok gevorder. Die kragboog in my hand was 'n kort jagboog (*PSE Firestorm*) en ek kon aanlê vanuit 'n sitende posisie. Die pyl het blits-snel uit die boog, wat op 70 pond gestel was, gevlieg. My skootplasing op dié afstand was sekuur, maar die springbok was té vinnig. Ook dié dier het die boog se snaar hoor klap en dadelik weggespring. Die pyl het net-net sy stert gemis.

VERMY EERS DIE SNAARSPRINGERS

Wanneer jy snaarspringers jag, moet jy seker maak hulle is onspanne en dat hulle weg van jou af kyk voor jy die pyl loslaat. Probeer ook so naby aan die diere kom as wat jy kan. Hoe stiller die boog skiet, hoe beter. Die meeste kragboë van vandag skiet stiller en vinniger as die boog waarmee ek na die springbok geskiet het. Aan die een kant is dit goed, maar dit het ook 'n nadeel. Omdat my houtboog se pyle soveel stadiger as 'n kragboog s'n vlieg, het ek die diere heeltemal gemis. Met 'n vinniger boog sou ek dalk die diere gekwes het.

My raad aan beginner-boogjagters is om eers die versoeking te weerstaan om rooibokke en vlakvarke te wil skiet. Hierdie bokke is goedkoper om te jag as jy hulle doodskiet – maar baie duur indien jy een kwes. Skiet eerder 'n blouwildebees of 'n blesbok – hulle is heelwat stadiger. Jag eers die snaarspringers wanneer jy meer ervare is. 🎯

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK: Rina Hattingh

Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | E-pos: rina.hattingh@landbou.com

**JAGGELEENTHEDE
HUNTING OPPORTUNITIES****UITZICHT GAME LODGE**

Fouriesburg, Oos-Vrystaat.
Drie ure vanaf Johannesburg.
Skilderagtig mooi met tien spesies om te jag.
Jag reeds 20 jaar slegs met SA jagters.
Elande, blouwildebeeste, blesbokke, springbokke en ander.
Hannes: 082-856-7181
hb@prohb.co.za
www.uitzichtgamelodge.co.za

**SHELDRAKE GAME RANCH,
MUSINA, LIMPOPO**

Ons jag sedert 1982.
Ons bied jag aan vir biltong- sowel as trofeejagters.
Gewone wild asook buffels en swartwitpense. Vir pryse en jagbesprekings kontak Gerhard Minnaar by e-pos: gerhard@sheldrake.co.za of sel: 082-809-3523
www.sheldrake.co.za

**LASARUS GAME FARM,
ALBERTINIA/RIVERSDALE**

Best hunting farm in the Western Cape. No hidden costs.
Rifle/bow/biltong/trophy hunt.
Full/self-catering. 45 species.
Owner is a professional hunter and outfitter.
082-443-1147/082-448-3975
www.lasarusgamefarm.co.za
info@lasarusgamefarm.co.za

**EBENEZER SAFARIS,
CUMBERLAND**

Jaggeleentheid teen Limpopo-rivier. Goed toegeruste jagkamp.
Ingerig vir families en korporatiewe groepe.
Slaggeriewe. Lapa. Boma.
Tariewe op webtuiste.
www.ebenzersafaris.co.za
marleeksteen@gmail.com
083-489-2114

**NAAUWPOORT SAFARIS,
ELLISRAS**

Jaggeleentheid. Volop wild.

Netjies, ten volle toegeruste jagkamp. Akkommodeer 18 persone. Korporatiewe groepe welkom.
Vleisverwerking beskikbaar.
Riana: 082-788-1883
E-pos: rdb@dmv.co.za

**BILTONGJAG IN DIE
BEAUFORT-WES-OMGEWING**

10 000ha gemengde veld en tipografie.
22 spesies op plaas en 12 om te jag. Geen minimum getal jagters per groep.
Kontak deur web: www.badshoek.co.za

**SAND SPOOR SAFARIS –
THABAZIMBI**

Bushveld farm – 220km from Pretoria. Well-equipped bush camp. Eskom power.
Skinners, slaughtering and cooling facilities.
Price list on website.
paul@sandspoorhunt.co.za
www.sandspoorhunt.co.za
Paul Jordaan
Cell: 083-227-3420

**THABAZIMBI –
GEWEER- EN BOOGJAG**

Luukseselfsorg-akkommodasie of boskamp.
Ses spesies wild.
Slag- en koelgeriewe.
Skakel Hannes
079-420-0189/082-421-3182
E-pos: combretumlodge@gmail.com

**LEEUWSPoor SAFARIS –
PONGOLA**

Well-equipped game farm and camps. Skinners, slaughtering and cold room facilities.
Tiger fishing on Lake Jozini.
Enquiries: drheinze@xsinet.co.za

**THABAZIMBI
BUSHVELD HUNTING**

Quality hunting with lots of game. Rifle and bow hunting. Self/full-catering.
Family/Corporate groups welcome.
Phone/SMS/WA: 083-627-0350
Email: office@limcroma.com

JAGTERSMARKVORM | HUNTERS MARKET FORM

Die advertensie sal verskyn onder JAGTERSMARK/HUNTERS MARKET.

**JAGTER
HUNTER****MEDIA 24****ADVERTENSIE: KIES EEN (X)****A = R355 - 20 woorde (opskrif uitgesluit) - Net bewoording****B = R1 080 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 105mm Hoog****C = R635 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 50mm Hoog**

Die sluitingsdatum vir die advertensies is 30 dae voor die volgende maand se uitgawe.

Geen advertensie sal geplaas word sonder 'n volledig voltooide aansoekvorm en betaling nie.

Pryse is BTW ingesluit. Rates are VAT included.**ADVERTENSIE VIR:**

	(maand)
tot	(maand)
Bedrag inbetaal	R

BANKBESONDERHEDE: Media24 Die Burger | ABSA | Rekening: 05500000059
Takkode nodig vir elektroniese inbetalings: 632005
Gebruik u Media24-rekeningnommer as verwysing, indien u een het. Andersins, naam en van of in die geval van 'n besigheid, die besigheid se naam.

E-POS BEWYS VAN BETALING NA: rina.hattingh@landbou.com**KATEGORIE/CATEGORY: KIES EEN/CHOOSE ONE (X)**

JAGGELEENTHEDE/ HUNTING OPPORTUNITIES	TE KOOP/ FOR SALE	GESOEK/ WANTED	DIENTE/ SERVICES	ANDER/ OTHER
BEWOORDING VIR ADVERTENSIE :				

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK: Rina Hattingh

Tel: 012-485-9361 | Sel: 072-605-4897 | E-pos: rina.hattingh@landbou.com

**JAGGELEENTHEDE
HUNTING OPPORTUNITIES**

**MÔRESON RANCH,
VREDE, VRYSTAAT**

Midweek-winskopie:
Blesbok – R1 490.
Blou- en swartwildebees,
rooihartbees en nog vele vlak-
tespesies.
Selfsorgeenhede, restaurant en
kroeg beskikbaar.
058-913-9900/1
info@moresonranch.co.za

**SARDAVILLE
GAME & HOLIDAY RANCH.
WARDEN, FREE STATE**

Biltong hunting.
Family functions.
Fully equipped, self-catering.
Contact: 082-921-2858
www.sardaville.co.za
info@sardaville.co.za

**KALAHARI-JAG
MCCARTHY'S REST**

200km noord van Kuruman,
7km voor Botswana-grens.
Vir pryslys en meer inligting,
kontak Fernando:
082-224-5000
mabuabookings@gmail.com

**KALAHARI HUNTING –
NORTH WEST**

(Between Vryburg and Tosca)
Twenty species.
Self-catering, accommodating
18 (max four hunters in the
field).
Trophy and biltong hunting all
year round.
Cold rooms, swimming pool,
DStv.
www.sandveldhunting.co.za
Slimkoos@sandveldhunting.co.za
Koos: 082-900-3051

**INGULULE KALAHARI
HUNTING FARM**

Bekostigbare jag in Kalahari.
15 soorte wild op 3 000ha.
Besonderhede op
www.facebook.com/ingulule.huntingfarm.1 of kontak:
Boesman: 082-842-3312
Marius: 083-627-8354
E-pos: kalaharimp@gmail.com

**KALAHARI JAGGELEENTHEID,
KAMEELDORING SAFARIS**

Blesbok, blouwildebees, eland,
gemsbok, rooibok, koedoe,
rooihartbees, springbok, sebra.
Tel: 056-514-9304 Yolande
www.kameeldoringsafaris.co.za



**BE ONE OF THE LUCKY
FEW INDIVIDUALS,
TO HUNT ON THIS AMAZING
27 000 HECTARES RESERVE.**

- Abundant game, astonishing sunsets,
- A true diamond in the Bushveld.
- We book Corporate groups of minimum six hunters and three nights minimum stay.

Contact Michelle vd Merwe
Tel: 073-574-8818

E-mail:

michelle@zingela-reserves.com
www.zingelalimpoposafaris.com

Zingela Limpopo Safaris

DIENTE | SERVICES

**QUINTIN JORDAAN
ATTORNEYS**

Firearm licence and firearm
appeal applications
(100% success rate). Also
sequestration and liquidation
applications.
Phone: 082-805-0674 (Pretoria)

**JUST MOTIVATIONS –
R300**

Custom firearm motivations.
100% success rate. Afrikaans/
English. SMS email address to
082-567-8437 Johan Justus,
retired SAPS Colonel.



**BOSVELD BOOG- & GEWEERJAG
NABY DERBY, NW**

- ±120km vanaf Wes-Rand en Pretoria
- Elf spesies – (1 500ha)
- April tot September
- Agt kampe • Nege skuilings
- Koelkamer- en slagfasiliteite
- Akkommodasie:
Selfsorg en en-suite
Geen TV – slegs bos om jou
2 x boshuise (klein)
(Slaap drie – met badkamer)
2 x boshuise (groot)
(Slaap ses – ablusieblok)

Vir verdere inligting en pryse,
kontak Alta:
079-181-6131/010-591-6850
of

E-pos: admin@wppfarm.co.za
www.bmbowhunting.co.za

TE KOOP | FOR SALE

FOR SALE

1. Winchester Classic Super Grade rifle in .270 Win Mag with Leupold 4.5-14x40 scope. About 200 rounds of ammunition included. R25 000
2. Silencer AimSport Triton 505II max cal. 6.7 (.260). New R3 000
Cell: 082-900-9481
peetdp@global.co.za



**HUNTING AND FAMILY LODGE
NORTH WEST PROVINCE**

**SITUATED 35KM
FROM Brits on
the R511**



- Privately owned lodge
- Luxury self-catering accommodation
- Function venue and conference facilities
- Bar with big screen TV • Game drives
- Trophy and biltong hunting season May to August 2020
- 12 Species available
- Fridge facilities available for game storage
- Guides and hunting vehicles

For booking or info:

082-558-4518 / 071-087-4444

Email: info@ezulwinigame.co.za

**JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
HUNTER**

Dankie aan al ons adverteerders,
ons waardeur julle
getroue ondersteuning.

Thank you to all our advertisers,
we appreciate your loyal support.

Jacques Boshoff

Tel: 012-485-9357

Sel: 079-528-8793

jacques.boshoff@media24.com

Rina Hattingh

Tel: 012-485-9361

Sel: 072-605-4897

rina.hattingh@landbou.com

Ronnie Robbertze

Tel: 012-485-9397

Sel: 072-223-0533

ronnie.robberze@media24.com

Fullfield™

GAME-CHANGING RIFLESCOPES

For even more magnification and precise holdover estimation 6-24x50mm has increased 6x magnification and three reticle options built on a 30 mm tube for long range shooting activities.

Available with three reticle options including the Ballistic 3, this is the only Fullfield model to feature the Fine Plex and SCR MOA reticles.



FULLFIELD III™ 4-16X50MM BALLISTIC E3

- Large 50mm objective for better light transmission
- Available with dedicated 6.5 Creedmoor reticle
- Side parallax adjustment

FULLFIELD IV™ 6-24X50 MM

- Ideal for long-range target shooting
- Choice of three precision reticles
- Side parallax adjustment

FULLFIELD IV™ 2.5X10X42MM

- Wide field-of-view
- Rugged, lightweight design
- Finger adjustable windage/elevation turrets

AVAILABLE IN THE FOLLOWING MAGNIFICATIONS



Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.